

HOOFSTUK 1 : AGTERGROND EN INLEIDING

Hierdie studie is onderneem as 'n poging om te bepaal of daar 'n verband bestaan tussen sekere aspekte van of faktore in die verhoudingslewe („sleep“) van universiteitstudente en die peil van hulle akademiese prestasie, en om die aard van hierdie verband vas te stel en te probeer verklaar.

1 AANLEIDING TOT DIE STUDIE

Die situasie wat direk aanleiding gegee het tot hierdie studie en die keuse van die besondere onderwerp, het ontstaan in 1967, toe die ondersoeker die voorreg gehad het om deelyds verbonde te wees aan die Departement Sielkunde van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., en as sodanig ook aan die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing, waar hy dikwels in aanraking gekom het met studente met studieprobleme en probleme van 'n meer persoonlike aard.

Uit die kontak met die studente het dit duidelik geword dat die probleme wat hulle op akademiese gebied ondervind, deel uitmaak van 'n hele konstellasie probleme, waarvan die uitwerking ook op ander terreine gevoel word. Verder het dit voorgekom asof daar veral één faset van hulle persoonlike lewe is wat 'n besondere betekenis vir studente het -- 'n faset wat nou verbonde is aan talle sye van hulle lewe, en wat daarom 'n verreikende invloed skyn te hê op

hulle lewe as geheel en op die doeltreffendheid en kwaliteit van hulle algemene funksionering. Hier word verwys na die student se „sleep“- of verhoudingslewe.

Uit 'n voorlopige oorsig oor die literatuur het dit duidelik geword dat die verband tussen hierdie twee sake -- akademiese prestasie en verhoudingslewe -- nog nie volledig en intensief ondersoek is nie. Daarby was dit duidelik dat baie ondersoekers die gemis aan navorsing oor hierdie twee terreine as 'n wesenlike leemte beskou.

Hierdie studie is geensins 'n poging om tot radikale nuwe insigte met betrekking tot hierdie probleem te kom nie. Trouens, dit sal uiteraard ietwat oppervlakkig van aard moet wees, aangesien dit, sover vasgestel kon word, die eerste studie is wat spesifiek daarop gemik is om die invloed van die student se verhoudingslewe op sy akademiese prestasie te bepaal. Maar geen navorser mag gerieflikheidshalwe, of ter wille van die eenvoud, of omdat hy die moeite ontsien, 'n probleem en 'n terrein wat moontlik meer lig op aktuele sake soos hierdie kan werp, ignoreer nie.

2 DIE TWEE BENADERINGSWYSES

Die huidige studie kan van twee kante af benader word. Dit kan gesien word

-- as 'n studie van faktore betrokke by die peil van die akademiese prestasie van universiteitstudente, met die klem op die rol van sekere aspekte van hulle verhoudingslewe; of

-- as 'n studie van die student se verhoudingslewe, met besondere aandag aan die verband tussen sommige aspekte daarvan en sy akademiese prestasie.

Aanvanklik gaan die klem merendeels op die eerste benadering val (3 hieronder); daarna sal die probleem meer vanuit die oogpunt van die student se verhoudingslewe benader word (4 hieronder).

3 DIE PROBLEEM VANUIT DIE OOGPUNT VAN AKADEMIESE PRESTASIE

3.1 Begripsomskrywing: Akademiese prestasie

Afhangende van die ondersoeker, die betrokke studieveld en die doel van sy studie, kan die term akademiese prestasie verwys na slaag/druip aan die universiteit, na oor- of onderprestasie en na die mate van vordering op akademiese gebied. Die volgende omskrywing van akademiese prestasie is bruikbaar vir die doel van hierdie studie: Onder akademiese prestasie word verstaan die relatiewe stand van 'n student se gemiddelde akademiese punt ten opsigte van dié van sy groepsgenote (mans/dames; sy jaar- en kursusgroep; die verskillende universiteite) op 'n bepaalde tydstip in die akademiese jaar.

Nou is dit so dat heelwat van die literatuur wat in hierdie studie gebruik gaan word, nie direk betrekking het op hierdie relatiewe gemiddelde punt nie. Baie van die studies handel oor verskynsels soos universiteitsverlating en onderprestasie. Bevindings van hierdie studies word in die meeste gevalle (hoewel versigtig) gebruik asof dit op die peil van akademiese prestasie as sodanig betrekking het. Weliswaar is die verskynsels van universiteitsverlating en onderprestasie nie identies aan dit wat hier onder die soeklig geplaas gaan word nie. Daar is egter rede om aan te neem dat

hierdie sake tog nou aan mekaar verwant is:

Ten opsigte van universiteitsverlating haal Demos⁹⁾ bevindings van Summerskill aan wat daarop dui dat swak akademiese prestasie een van die belangrikste oorsake is waarom studente die universiteit verlaat. Hoewel Demos self vind dat onbevredigende akademiese prestasie nie so 'n belangrike faktor is by die uiteindelijke besluit om die universiteit te verlaat nie, is dit tog duidelik dat die universiteitsverlater in die reël akademies nie baie sterk is nie. Hy noem dat beide swak akademiese prestasie en universiteitsverlating simptome is van 'n hele konstellasie faktore (gebrekkige motivering, onvermoë om akademies aan te pas e.a.). In dié sin sal kennis van faktore wat aanleiding gee tot universiteitsverlating, ook lig werp op die oorsake van onbevredigende prestasie op akademiese gebied, daar albei 'n gemeenskaplike oorsaak of reeks oorsake het.

Ten opsigte van onderprestasie bevind Nel⁴¹⁾ dat onderpresteerders -- dit wil sê studente wat nie na hulle intellektuele vermoëns of aanleg presteer nie -- akademies swakker vaar as oorpresteerders. Dit dui daarop dat onderprestasie hand aan hand gaan met onder-gemiddelde prestasie. Daarom kan ook bevindings wat betrekking het op onderprestasie, nuttig gebruik word by die studie van die peil van akademiese prestasie as sodanig.

3.2 Belang en noodsaaklikheid van en tekort aan inligting betreffende faktore betrokke by akademiese prestasie

Dosente aan alle universiteite, studente (en hulle ouers!), selfs die gewone Jan Burger, is bewus van die onrusbarende verskynsel dat studente aan hoër opvoedkundige inrigtings oraloer dikwels òf hulle kursusse staak voordat

dit voltooi is, of eenvoudig net nie na hulle (intellektuele) vermoë presteer nie. En, „... like everyone else, educators deplore waste. A particular bugbear to them is the student who shows up well on aptitude tests but who fails or ... just gets by in his lessons ...” (Tiebout ⁵⁴⁾, p.113).

Hierdie aanhaling verwys na die veelbesproke en aktuele vraagstuk van mannekragvermorsing -- 'n verskynsel wat vandag 'n verminkende uitwerking het op die gemeenskap as geheel maar ook op die individu wat misluk self. Dat mannekragvermorsing 'n land as geheel nadelig tref, blyk uit die woorde van Marais, soos aangehaal deur Du Toit ¹¹⁾. Hy noem dat „... die beperkte mannekragpotensiaal op die hoëre vlakke van opleiding 'n intense beperkende faktor is in die algemene ontwikkeling van die Republiek -- miskien die belangrikste beperkende faktor” (p.1).

Daar is ook 'n meer persoonlike sy aan die saak: Dit is ongetwyfeld so dat akademiese probleme, wanaanpassing en mislukking 'n verreikende en rampspoedige uitwerking kan hê op die student self -- nie alleen met betrekking tot sy universiteitsjare nie, maar ook ten opsigte van die heles van sy lewe. „Under-achievement is generally recognised to be a serious drain on society's reservoir of talent ... and on an individual's chances to realize a sense of worth and fulfilment in an increasingly technological society” (Hummel en Sprinthall ²⁵⁾, p.388).

Daarenteen kan daar aangeneem word dat sukses op akademiese gebied die teenoorgestelde uitwerking kan hê: „For many students, the education represented by the baccalaureate (or higher) degree makes a valuable contribution to their total lives and careers” (Dalrymple ⁷⁾, p.13).

Deur te studeer is die student in staat om sy vermoëns maksimaal te ontwikkel en kan sy persoonlikheid ten volle ontplooi. Dit werk volledige self-realisasie in die hand, wat dien „... as 'n basis for an integrated personality leading to optimal health" (Tukey⁵⁵), p.12, met verwysing na Rogers, Maslow, Allport en ander).

Dit is dus duidelik dat kennis van soveel moontlik faktore wat 'n rol speel by die bepaling van die peil van 'n student se akademiese prestasie, van groot belang is. Daardeur kan mislukkings aan universiteite voorkom en geremedieer word, en kan daar gepoog word om die optimumomstandighede vir goeie prestasie te voorsien.

Inderdaad is daar reeds talryke studies in die buitenland en in Suid-Afrika gepubliseer wat handel oor 'n geweldige verskeidenheid faktore wat betrokke is by die akademiese vordering, aanpassing of prestasie van studente. Die hoeveelheid arbeid wat aan sodanige studies gewy word, blyk duidelik uit die feit dat Harris reeds in 1940 328 studies kon aanhaal in 'n oorsig oor die literatuur met betrekking tot faktore wat 'n verband toon met akademiese prestasie (Harris²³). In 1931 kon hy in 'n soortgelyke studie slegs 147 bronne aanhaal (Harris²²). Davis noem dat daar in 1962 reeds meer as 1,500 studies bestaan het oor die probleem van die voorspelling van sukses op universiteit op grond van nie-intellektuele faktore alleen. En hierdie studies het almal ná 1940 verskyn! (Davis⁶). Vandag beloop die aantal werke oor alle faktore betrokke by akademiese prestasie -- intellektueel of nie-intellektueel, met of sonder voorspellingswaarde -- waarskynlik baie duisende.

Dat die saak ook plaaslik baie belangrik geag word,

blyk onder andere daaruit dat daar tydens byna al die SIRSA-kongresse tot op datum ten minste een referaat was wat gehandel het oor die een of ander aspek van studente se akademiese prestasie (Du Toit¹¹; Möller³⁵; Verhoef⁶⁰; Gous²⁰).

Dit wil soms voorkom asof daar te veel oor hierdie saak gedink en geskryf word deur te veel mense (-- en dit kan probleme meebring!). Immers, naas die student self, is daar talle persone en instansies wat op een of ander manier deur sy akademiese probleme en onbevredigende vordering op universiteit geraak word, en dan begin belang stel in die oorsake daarvan. Pogings om die faktore vas te stel wat akademiese onderprestasie en mislukking in die hand werk, het gevolglik „... al byna 'n tydverdryf geword, 'n speletjie waaraan almal kan deelneem, sonder dat iemand ooit aan die verloorkant is, want ons het geen manier waarop ons die ware toedrag van sake kan vasstel nie. Verwyte word links en regs, dan na die skool, dan na die universiteit geslinger in hierdie durabele spel, want mislukkings aan universiteit beteken nie net frustrasie en teleurstelling van die student en sy ouers nie, maar kos die staat boonop miljoene aan geld, en is 'n verkwisting van mensemateriaal, wat ons in ons land allermens kan bekostig" (Van der Merwe⁵⁷, p.1).

Dat kennis aangaande faktore wat die peil van studente se akademiese prestasie medebepaal, noodsaaklik is, is dus duidelik. En dat baie -- en baie bruikbare -- inligting reeds beskikbaar is, kan nie betwyfel word nie. Maar hierdie kennis is nog nie volledig nie. Die verlangde resultate, byvoorbeeld ten opsigte van voorspelling, word in elk geval nog nie behaal nie. Marsh³²) noem dat metodes om akademiese prestasie te voorspel „... seem to be

useful primarily for spotting only those students on the low end of the scale who will clearly drop out due to academic failure alone" (p.479), dit wil sê dié wat buitendien nie die vermoë het om bevredigende punte te behaal nie.

In dieselfde trant skryf Munger³⁸⁾:

"No personnel worker has the assurance, when he picks someone who had above average grades in high school and a higher than average score on the scholastic aptitude test, that the individual will graduate from college. Nor can he tell who the college graduate will be from the results of limited data available prior to a student's entrance into college" (p.218).

Hierdie, en talle ander navorsers (byvoorbeeld Brown⁴⁾; Gelso en Rowell¹⁵⁾; Gibbs¹⁶⁾; Hummel en Sprinthall²⁵⁾; Malloy³¹⁾) is van mening dat voorspelling van akademiese prestasie, veral as daar slegs gebruik gemaak word van daardie gegewens wat voor die begin van sy universiteitsloopbaan van die student bekom kan word, geensins bevredigende resultate lewer nie.

Hierdie betreurenswaardige toestand mag onder andere gewyt word aan verskynsels soos die bestaan van groot individuele verskille, wat voorspelling op grond van algemene neigings onmoontlik maak, die moontlikheid dat die betrokke faktore nie in betekenisvolle terme gemeet kan word nie, die moontlikheid dat alle faktore wat vir voorspelling van akademiese prestasie gebruik kan word, nog nie voldoende geïsoleer is nie, en die moontlikheid dat hierdie faktore soms minder konstant is as wat aangeneem word, sodat fluktuasies in die aard van dié faktore en van hulle invloed 'n nadelige uitwerking het op pogings tot voorspelling van akademiese prestasie

Vir die doel van hierdie studie is dit veral belangrik om te let op die moontlikheid dat heelwat van die faktore wat 'n verband toon met akademiese prestasie en wat nog nie gefsoleer of voldoende ondersoek is nie (juis vanweë die belang en noodsaaklikheid van voorspelling van akademiese prestasie), daardie faktore is wat min of geen voorspellings- waarde het nie -- òf omdat hulle veranderlik en onvoorspelbaar is, òf omdat hulle tydens universiteitstoelating nog nie teenwoordig is en gemeet kan word nie.

Dat baie aspekte rakende akademiese vordering en mislukking aan die universiteit nog nie volledig ondersoek is nie, is duidelik uit stellings soos die volgende: „Our present knowledge of student values, goals, interests and other non-cognitive traits is woefully inadequate to the task of gaining insight into the phenomenon of attrition” (uit 'n verslag van 'n groep opvoedkundiges wat die probleem van universiteitsverlating by die Tennesseeese Universiteit bespreek het; in Samenow⁴⁴⁾, p.641). Hummel en Sprinthall²⁵⁾ stel dit dat „Research on academic underachievement ... typically has been insignificant in its findings and inconsistent in its explanations” (p.388).

Alles dui daarop dat verdere navorsing nodig is alvorens ons hierdie „apparently neglected field” (Marsh³²⁾, p.475) vollediger kan begryp.

Hierdie betoog dat 'n meer omvattende en dinamiese beeld van die student se lewe en van sy probleme (wat ook sy studies sal beïnvloed) nodig is, kan afgesluit word met 'n aanhaling uit die briljante en omvattende werk van Zweig, The student in the age of anxiety, waar hy 'n paar tentatiewe aanbevelings maak op grond van sy intensiewe studie van studente aan twee Britse universiteite:

"First and foremost, I would like to make a plea for further, full-scale research into students' life and work, of which we know practically nothing at present. The strains and stresses of university life, the emotional problems of university education, the ... student-student relationships, ... the problem of social adjustment of students, the personal problems of students ... -- all these subjects are crying out for systematic research" (Zweig⁶⁶, p. 210).

3.3. Literatuurstudie: Doel en aard

Eerstens word daar beoog om met hierdie literatuurstudie 'n breë raamwerk te skep wat as agtergrond moet dien vir die huidige studie.

Tweedens kan, op grond van so 'n oorsig, enkele faktore uitgesonder word om in hierdie studie te gebruik met die oog op kontrole. Daar kan dan vasgestel word of verskille tussen groepe en korrelasies tussen faktore wat later gevind mag word, wel toegeskryf kan word aan dié faktore wat ondersoek word, en of dit slegs 'n funksie is van ánder faktore wat buitendien 'n verband toon met akademiese prestasie.

Omdat die stof wat nou behandel gaan word, nie direk op die huidige studie betrekking het nie, en weens die magdom literatuur wat oor die onderwerp beskikbaar is, sal die literatuuroorsig ietwat oorsigtelik van aard moet wees. Daar sal hoofsaaklik op die belangrikste faktore en duidelike tendense gekonsentreer word.

Daar sal eerstens gelet word op faktore wat bruikbaar is by die voorspelling van akademiese prestasie (3.4), en daarna sal faktore wat minder voorspellingswaarde het, dikwels omdat hulle self onvoorspelbaar is, bespreek word (3.5).

3.4 Voorspelling van akademiese prestasie

Een metode om akademiese mislukking en al die gevolge daarvan vir die staat en die individu self uit te skakel, is om keuringsprogramme te ontwerp wat gebaseer is op studies van faktore wat 'n verband toon met akademiese prestasie. Op dié manier kan die risiko van akademiese mislukking by voorbaat in 'n mate uitgeskakel word.

Daar is dan ook baie -- en baie belangrike -- faktore wat 'n verband toon met universiteitsprestasie wat reeds voor universiteitstoelating bekend is en gemeet kan word. Op grond van hierdie gegewens word daar gepoog om akademiese prestasie te voorspel, en vind keuring plaas.

In die lig van die ooglopende praktiese voordele verbonde aan die bestudering van faktore met voorspellingswaarde, is dit nie eienaardig nie dat die meeste studies wat handel oor die faktore wat akademiese prestasie beïnvloed, gewy is aan pogings om faktore van hierdie aard te isoleer en hulle relatiewe voorspellingswaarde te bepaal.

Die skema wat gevolg gaan word by die bespreking van hierdie faktore, word min of meer aangedui in die volgende aanhaling:

„Die kriteria waarvolgens keuring kan plaasvind, kan as intellektueel en nie-intellektueel geklassifiseer word. Onder eersgenoemde word onder andere verstandelike vermoë en skoolprestasie asook sekere aanleg- en prestasietoetse gevind, terwyl onder die nie-intellektuele faktore biografiese gegewens (ouderdom, geslag, inwoning in koshuise, deelname aan buitemuurse aktiwiteite) en algemene persoonlikheidsfaktore soos karaktertrekke, houdings en belangstellings sorteer" Möller 36), p.34).

3.4.1 Intellektuele faktore as voorspellers van akademiese prestasie

3.4.1.1 Intelligensie (IK)

Die meeste ondersoekers wat die verband tussen toetsintelligensie en akademiese prestasie ondersoek het, vind 'n positiewe korrelasie tussen hierdie twee faktore. Harris²³⁾, Slocum⁴⁹⁾ en Möller³⁴⁾ haal elk 'n hele aantal oorsese studies aan wat so 'n verband bevestig. Daar word genoem dat intelligensie deur sommige ondersoekers selfs beskou word as die beste enkele voorspeller van akademiese prestasie.

In plaaslike studies is soortgelyke korrelasies gevind. Gous²⁰⁾, Mitchell (aangehaal deur Möller³⁴⁾), Vlok⁶¹⁾, Baard (aangehaal deur Nel⁴¹⁾), Möller³⁴⁾ en Nel et al.⁴⁰⁾ vind almal 'n positiewe verband tussen intelligensie en akademiese prestasie. Laasgenoemde ondersoekers vind slegs by sommige van hulle groepe beduidende positiewe korrelasies, en in 'n samevatting noem hulle dat die korrelasies tussen IK en gemiddelde akademiese prestasie „maar bra swak” is (p.72).

Daar is meer ondersoekers wat nie beduidende korrelasies tussen hierdie twee veranderlikes vind nie. Möller³⁴⁾ haal onder andere 'n studie van Reuning aan, waarin korrelasies van slegs .20 gevind is. Nel⁴¹⁾ vind geen verskil tussen die IK's van 'n groep goeie en 'n groep swak presteerders met IK's bo 130 nie. Ook by Schlebusch⁴⁶⁾ se groep was daar nie 'n beduidende verband tussen hierdie twee faktore nie.

Perspektief: Hoewel byna al die ondersoekers wat die verband tussen intelligensie en akademiese prestasie nagaan, 'n positiewe verband tussen die twee

veranderlikes kan aantoon, is daar heelwat studies waar hierdie verband nie 'n beduidende peil bereik nie.

Dit kan toegeskryf word aan die moontlikheid dat intelligensietoetse nie geldig of betroubaar genoeg is nie, of daaraan dat die toetse te algemeen is en nie die besondere vermoëns meet wat 'n rol speel by die bepaling van 'n student se akademiese prestasie nie.

Veel eerder lyk dit egter of hierdie verskynsel slegs daarop dui dat daar 'n hele kompleks faktore werksaam is by die bepaling van die peil van 'n student se akademiese prestasie. Intelligensie is één van hierdie faktore; die belang daarvan lê daarin dat die student oor 'n sekere minimumpeil van intelligensie moet beskik om enigsins die paal te kan haal op universiteit. Daarsonder sal hy buitendien misluk. Maar: 'n bevredigende mate van intelligensie is geen waarborg vir akademiese sukses nie. 'n Student kan dus, omdat daar soveel ander faktore betrokke is, drup of swak presteer ten spyte van voldoende intellektuele vermoëns.

Dat intelligensie wel belangrik is vir bevredigende akademiese prestasie -- en veral omdat 'n bepaalde mate van intelligensie 'n sine qua non is vir vordering op universiteit -- is op grond van bogenoemde literatuurgegewens duidelik. Wanneer akademiese prestasie dus bestudeer word, mag hierdie faktor nie uit die oog verloor word nie.

3.4.1.2 Hoërskoolprestasie

Streng gesproke is hoërskoolprestasie eerder 'n biografiëse gegewe as 'n intellektuele faktor. Die meeste ondersoekers klassifiseer dit egter onder intellektuele

faktore -- waarskynlik omdat dit gesien word as weer-
spieëling van die individu se intellektuele vermoëns.
In hierdie studie word daar by dié indeling gehou.

3.4.1.2.1 Matriekpunt Uit die hele aantal studies
wat Harris²³⁾ aanhaal, en ook uit Nel⁴¹⁾ se literatuurstu-
die, blyk dit onteenseglik dat die matriekpunt („high
school grade point averages") of matriekrang („rank in
high school graduating class") 'n besonder hoë positiewe
verband hou met akademiese prestasie. Dit word deur baie
beskou as verreweg die beste enkele voorspeller van aka-
demiese prestasie. Ook Möller³⁴⁾ haal 'n hele paar
studies aan wat hierdie verband bevestig. In hulle studies
vind Slocum⁴⁹⁾ en Baird¹⁾ dieselfde neiging.

Plaaslike studies laat ook geen twyfel oor die
belang van die matriekpunt as voorspeller van akademiese
prestasie nie. Gous²⁰⁾, Goosen¹⁸⁾ en Nel et al.⁴⁰⁾ is
sommige van die navorsers wat 'n konsekwente en bedui-
dende verband tussen die matriekpunt en akademiese
prestasie van studente vind.

Ondersoekers soos Munger³⁸⁾ en Marsh³²⁾ spreek
'n mate van twyfel uit oor die geldigheid van die matriek-
punt as voorspeller van universiteitsverlating. Ten spyte
daarvan vind Marsh dat universiteitsverlaters nie alleen
akademies swak gevaar het nie, maar dat hulle ook lae
matriekpunte gehad het.

3.4.1.2.2 Druip op skool Druiping op skool hou
verband met swak skoolprestasie. Malherbe en Cook³⁰⁾,
Schlebusch⁴⁶⁾ en Möller³⁴⁾ vind dat studente wat op skool
gedruip het, dikwels op universiteit swak vaar.

Perspektief: Dit wil voorkom asof onderprestasie of onbevredigende akademiese vordering 'n kroniese toestand is (vergelyk o.a. Du Toit¹¹⁾; Shaw en Brown⁴⁷⁾). Nel⁴¹⁾ noem dat studente wat in standers V tot X onderpresteer het, in hulle eerste jaar ook swak vaar. Sy stel die hoërskoolprestasies van goeie studente en onderpresteerders grafies voor, en daaruit is dit duidelik dat die onderpresteerder reeds gedurende sy hoërskoolloopbaan swakker begin vaar het, terwyl die goeie presteerder se punte min of meer op dieselfde peil gebly het.

Nel et al.⁴⁰⁾ skryf die hoë verband tussen die matriekpunt en akademiese prestasie toe aan die feit dat studente aan die universiteit waarskynlik nog dieselfde „instellings, gesindhede, gewoontes, waardes ens.” het as wat hulle tydens hulle hoërskoolloopbaan ontwikkel het (p.105). Immers, beide matriek en die universiteit behels 'n studiesituasie, waar kennis ontvang, geïntegreer en verwerk, en uiteindelik in eksamens weergegee word -- en dit alles onder die invloed van bogenoemde faktore.

Wat ook al die presiese oorsake van die verband tussen die twee veranderlikes is: in die lig van die besonder hoë korrelasie tussen die matriekpunt en studente se akademiese prestasie, kan eersgenoemde faktor nie geïgnoreer word wanneer akademiese prestasie onder die soeklig kom nie.

3.4.1.3 Vroeë universiteitsprestasie

Soos die matriekpunt kan hierdie veranderlike -- die prestasie wat die student gedurende die eerste kwartaal of semester op universiteit behaal -- moontlik gesien word as 'n biografiese gegewe. Streng gesproke is dit ook nie

'n voorspeller van akademiese prestasie nie, aangesien dit in werklikheid self akademiese prestasie is, en omdat dit eers ná drie of selfs ses maande se universiteitstudie bekend is. Nogtans, in navolging van die meeste ondersoekers, word dit in dié afdeling behandel.

Uit die literatuur blyk dit dat vroeë universiteitsprestasie 'n uitermate goeie voorspeller van latere prestasie op akademiese gebied is. Harris²³⁾ en Baird¹⁾ haal talle studies aan wat dit bevestig. Daar is blykbaar heelwat ondersoekers wat hierdie veranderlike beskou as die beste enkele kriterium vir die voorspelling van akademiese prestasie -- meer as wat by die matriekpunt die geval was. Korrelasies so hoog as .81 is gerapporteer. Munger vind in twee studies^{38); 39)} 'n baie duidelike verband tussen vroeë universiteitsprestasie en universiteitsverlating.

Perspektief: Omdat vroeë universiteitsprestasie beskou kan word as 'n monster („sample") van 'n student se universiteitswerk, en omdat dit behaal word onder omstandighede wat 'n besondere ooreenstemming toon met die situasie soos dit tydens later jare en veral die belangrike finale jaar sal wees, is dit geen verrassing dat hiérdie gegewe besonder bruikbaar is vir die voorspelling van uiteindelijke akademiese prestasie nie.

Baird¹⁾ noem dat studente gemotiveer is in die rigting van vorige prestasies. As hy dus in die verlede op akademiese gebied goed gevaar het, het hy „... conscious goals and desires to achieve in that area" (p.252).

Wat ook al die oorsaak vir die verband is, studente wat swak begin op universiteit, vaar ook later swakker, en is meer geneig tot universiteitsverlating.

Oorsig: Vorige prestasies: In die vorige paragrawe het dit gegaan om vorige akademiese gedrag -- matriekpunt, druip op skool en vroeë akademiese prestasie.

Daar is by die betrokke paragrawe reeds voorlopig gepoog om die hoogs beduidende verband tussen hierdie faktore en akademiese prestasie te verklaar, deur te verwys na die ooreenkoms wat daar bestaan tussen die omstandighede waaronder beide matriekpunt en universiteitsprestasie bepaal word.

Daar is ook reeds na 'n verklaring van hierdie verband verwys wat Baird¹⁾ aanbied. Hy noem verder dat goeie vorige akademiese prestasies dien om die student bewus te maak van sy vermoëns en van waartoe hy in staat is. Hy bewys dat goeie studente kenmerkend in staat is om hulle eie vermoëns akkuraat te skat of te takseer („assess“). Wanneer prestasies wat in die verlede behaal is, deur die student gesien word as 'n aanduiding van sy vermoëns, „... he ... accurately assesses his own talents“ (p.252). Só 'n student is dus in staat tot selfbegrip, en word deur die bewuswees van waartoe hy in staat is, gemotiveer. Met verwysing na 'n studie van Holland en Nichols, som Baird dit soos volg op:

„... students who later achieve in college have engaged in activities and developed skills related to that area, have conscious goals and desires to achieve in that area, and describe themselves as having ability in that area“¹⁾, (p.252).

Dit is dus nie vorige prestasies op akademiese gebied as sodanig wat aanleiding gee tot goeie akademiese prestasie nie, maar (volgens bogenoemde studie) die feit dat die student wat in die verlede goed gevaar het, besef waartoe hy in staat is ('n kenmerk van 'n volwasse persoon),

en waarskynlik ook deur dié besef gemotiveer word, terwyl die swak student wat, aan die ander kant, 'n geskiedenis van mislukkings het, 'n „failing orientation" ontwikkel (Gibbs¹⁶), p.588).

3.4.1.4 Aanleg

Deur middel van aanlegtoetse kan die aard, rigting en sterkte van 'n individuele aanleg bepaal word. (Die term aanleg dui op differensiële vermoëns.)

Nel⁴¹) haal etlike ondersoekers aan wat 'n positiewe verband vind tussen leesbegrip en akademiese prestasie, en in haar eie studie word hierdie tendens bevestig. Dit rym met Long se bevindings wat hierdie skryfster elders aanhaal, naamlik dat die verbale IK akademiese prestasie beter voorspel as die nie-verbale IK.

Nel et al.⁴⁰) vind by hulle B.A.- en B.Sc.-groepe (1953) dat toetse wat met taal- en leesvermoë en -begrip te doen het, die enigste toetse is wat beduidend met akademiese prestasie korreleer. By die Toegepaste Biologie-groep is leesbegrip een van vier toetse wat beduidend met akademiese prestasie korreleer. (Die ander toetse het te doen met rekenvermoë en nie-verbale redenering.)

Opsommend verklaar bogenoemde skrywers dat aanlegtoetse oor die algemeen lae positiewe korrelasies met eksamenuitslae toon, en dat „... meer as 75% van die variasie in eksamenuitslae nie deur verskille ten opsigte van besondere verstandelike aanleg verklaar word nie" (p.76).

(Die bevindings ten opsigte van die 1954-groep kom grotendeels hiermee ooreen.)

Hierdie studies is kenmerkend van die meeste literatuur oor die voorspellingswaarde van aanlegtoetse vir akademiese prestasie. Munger³⁶⁾ noem dat aanlegtoetse oor die algemeen te min bruikbare gegewens verskaf om as akademiese voorspellers te kan dien. Daar kan wel aangeneem word dat hierdie toetse binne 'n sekere kursus of vak voorspellingswaarde sal hê. As dit kom by voorspelling van akademiese prestasie in die algemeen, is dit gewoonlik slegs leesvermoë of -begrip wat 'n beduidende verband met akademiese prestasie toon (Nel⁴¹⁾; Marsh³²⁾; Baird¹⁾).

Perspektief: Hoewel die waarde van aanlegtoetse in die voorligtingsituasie nie betwyfel word nie, is daar naas die verband tussen leesbegrip en akademiese prestasie, weinig konstante neigings in die literatuur opgemerk. Dit is duidelik dat aanlegtoetse nie dieselfde voorspellingswaarde het as die faktore wat reeds behandel is nie.

Die feit dat toetse van leesbegrip in heelwat gevalle wel 'n verband toon met akademiese prestasie, kan betekenisvol wees -- maar Du Toit¹¹⁾ noem dat swak prestasie in 'n sodanige toets "... beswaarlik ... die gevolg kan wees van werklike onvermoë om die materiaal te begryp. Veel eerder weerspieël dit 'n gebrek aan volgehoue konsentrasie, gebrek aan belangstelling, swak motivering ..." en heelwat ander faktore (p.9). Hy koppel dit selfs aan temperamentele faktore en huis- en skoolagtergrond. Ook Nel⁴¹⁾ noem dat faktore soos deursettingsvermoë in hierdie verband 'n belangrike rol speel. Dit is dus nie noodwendig leesbegrip as sodanig wat van deurslaggewende belang is nie.

3.4.1.5 Oorsig: Intellektuele faktore as voorspellers van akademiese prestasie

Geen ander groep faktore toon dieselfde hoë verband met akademiese prestasie as die kognitiewe of intellektuele

faktore wat so pas bespreek is nie.

Intelligensietoetse meet kognitiewe vermoëns in die algemeen. Uitgedruk as 'n IK-punt, korreleer dit positief met akademiese prestasie, hoewel nie altyd beduidend nie.

Aanlegtoetse bepaal vermoëns in besondere rigtings, en toon daarom nie so 'n duidelike verband met akademiese prestasie in die algemeen nie. Daar is egter aanduidings dat 'n goeie leesbegrip en verbale vermoë bevorderlik is vir akademiese prestasie in meer as een studierigting.

Beide die matriekpunt en die vroeë akademiese prestasie wat 'n individu behaal, is in 'n hoë mate afhanklik van bogenoemde faktore. Omdat baie van die omstandighede, houdings en ander faktore wat sy matriekprestasie beïnvloed en medebepaal, tydens die student se universiteitsjare nog teenwoordig is, en 'n rol speel, is dit nie verbasend nie dat die matriekpunt hoër korreleer met (en dus 'n beter voorspeller is van) akademiese prestasie. Dit is te meer nog die geval by vroeë universiteitsprestasie, waar die omstandighede selfs meer ooreenkom met die latere situasie op universiteit. Vorige prestasies beïnvloed ook die student se siening van sy eie vermoëns, wat, volgens sommige ondersoekers, 'n daadwerklike invloed op sy akademiese vordering het.

Laasgenoemde stelling vestig die aandag daarop dat, naas intellektuele faktore, daar ook faktore van nie-intellektuele aard mag wees wat 'n daadwerklike invloed kan uitoefen op die peil van 'n student se akademiese prestasie. Kennis van sodanige faktore mag akkurater voorspelling van akademiese prestasie in die hand werk.

3.4.2 Nie-intellektuele faktore as voorspellers van akademiese prestasie

Baie van die faktore wat in hierdie afdeling onder afsonderlike hoofde behandel word, kan moontlik saam onder één opskrif (byvoorbeeld „biografiese gegewens”) geplaas word, maar verskillende skrywers maak van verskillende indelings gebruik, en eerder as om 'n nuwe, omvattende en gemotiveerde klassifikasie van hierdie faktore aan te pak -- iets wat immers vir hierdie studie van minder belang is -- , word die meeste faktore afsonderlik en onder 'n eie opskrif behandel.

'n Volgende afdeling (3.5) handel oor onvoorspelbare faktore en akademiese prestasie. Nou moet daar op gewys word dat daar selfs in hierdie afdeling (3.4.2) reeds faktore voorkom wat uiteraard streng gesproke nie as voorspellers van akademiese prestasie gesien kan word nie. Hierdie faktore toon wel 'n verband met akademiese prestasie, maar hulle ontwikkel en/of verander gedurende die student se universiteitsjare. Die meeste van hulle (soos persoonlikheid of deelname aan buitemuurse aktiwiteite) is natuurlik nie iets nuuts wat eers met universiteitstoelating ontstaan nie. Dit is waarom hulle nog saam met die voorspellers van akademiese prestasie behandel word. Daar is oorweeg om sodanige faktore onder 'n afsonderlike opskrif te behandel, maar die skeidslyn tussen hierdie faktore en die „suiwer” voorspellers is gewoonlik so vaag dat so 'n indeling 'n reeds moeilike saak net ingewikkelder sou maak.

Die bestudering van nie-intellektuele faktore met die oog op akademiese voorspelling, is blykbaar in vroeër jare afgeskeep. Dit wil egter voorkom asof pogings tot

voorspelling waar daar merendeels van intellektuele veranderlikes gebruik gemaak is, nie die gewenste peil van sukses bereik het nie, en in 1949 rapporteer Gough¹⁹⁾: „... recently there has been a growing realization that other, non-intellectual factors must be assessed if the margin of predictive error is to be diminished appreciably" (p.65).

3.4.2.1 Ouderdom

In die meeste studies waarin die verband tussen ouderdom en akademiese prestasie ondersoek is, is daar gevind dat daar 'n negatiewe korrelasie tussen dié twee veranderlikes is. Beide Harris²³⁾ en Goosen¹⁸⁾ haal etlike studies aan wat hierdie verskynsel vind. Harris wys egter daarop dat ondersoekers wat faktore soos intelligensiepeil in berekening bring, soms nie meer so 'n duidelike verband vind nie.

Ook in plaaslike studies is daar al 'n negatiewe verband tussen ouderdom en akademiese prestasie gevind (Möller³⁴⁾; Nel et al.⁴⁰⁾). In Möller se studie het ouderdom egter by variansieontleding uitgeval, en die verband wat Gous²⁰⁾ gevind het, was ook slegs gering.

Perspektief: Dit is veral die Amerikaanse ondersoekers wat 'n verband tussen ouderdom en akademiese prestasie vind. Die neiging is dat jonger studente beter vaar en minder druipe. Hierdie verband is ook in Suid-Afrikaanse studies gevind, maar hier te lande is die verband blykbaar nie so sterk nie.

Die verskynsel dat daar 'n neiging is dat jonger studente beter presteer, kan onder andere toegeskryf word aan die feit dat dames by universiteitstoelating gemiddeld jonger is as mans -- en dames vaar as groep beslis beter as

mans. (Laasgenoemde verskynsel word hieronder vollediger bespreek.) Verder noem Malherbe en Cook³⁰⁾ dat studente wat matriek in die eerste klas geslaag het, as groep jonger is as die ander. Jonger studente het dus beter matriekpunte behaal -- en die matriekpunt toon 'n baie sterk positiewe korrelasie met akademiese prestasie, soos hierbo reeds aangetoon is (3.4.1.2.1). Hoewel die aangehaalde studie reeds dertig jaar oud is, is daar alle rede om aan te neem dat hierdie tendens vandag nog bestaan.

Daarby moet in gedagte gehou word dat druipe op skool 'n hoër matriekouderdom tot gevolg het, en dus ook 'n hoër universiteitstoelatingsouderdom. Daar is reeds aangetoon dat studente wat op skool gedruip het, meesal in die „swakker“ groep val (3.4.1.2.2 hierbo).

Op grond van wat so pas gesê is, sou die neiging dat ouer studente swakker vaar, toegeskryf kon word aan die uitwerking van 'n reeks faktore wat 'n geskiedenis van akademiese probleme en onderprestasie tot gevolg gehad het eerder as aan hoër ouderdom as sodanig.

Opsommend kan ons dus sê dat, hoewel daar blykbaar 'n verband is tussen ouderdom en akademiese prestasie, hierdie verband plaaslik nie besonder duidelik is nie, en dat dit waarskynlik op grond van ander faktore (geslag, druipe op skool, matriekprestasie) verklaar kan word.

3.4.2.2 Geslag

Dames vaar as groep akademies beter as mans. Dit is onteenseglik uit die literatuur duidelik (Harris²³⁾; Duff en Siegel¹⁰⁾, e.a.). Harris noem egter dat sommige ondersoekers faktore soos intelligensiepeil in berekening gebring

het en nie meer sulke beduidende verskille tussen die twee geslagte se prestasies gevind het nie.

Dat dames ook plaaslik die mans se meerdere is op akademiese gebied, is al by herhaling bevind (Goosen¹⁸⁾; Malherbe en Cook³⁰⁾; Nel et al.⁴⁰⁾; Van Biljon⁵⁶⁾).

Van Biljon haal ook twee studies van Van der Merwe aan wat hierdie verskil bevestig. Hy toon verder aan dat dames tot in die derde jaar die mans bly uitstof.

Perspektief: Dat dames akademies beter vaar as mans, is 'n onbetwisbare feit. Oor die oorsake van hierdie verskynsel kan heelwat gespekuleer word. Hier volg slegs enkele gedagtes in hierdie verband.

Die felt dat Langenhoven²⁸⁾ vind dat Afrikaanse dogters 'n hoër toetsintelligensie behaal (NSAGT) as seuns, kan nie dames se beter prestasie verklaar nie, aangesien hierdie verskynsel ook in ander lande, waar ander toetse gebruik word, voorkom. Buitendien is die verskil in die IK-punt gering in vergelyking met die verskil in akademiese prestasie.

Dames wat 'n universiteit bywoon, is na alle waarskynlikheid 'n meer geselekteerde groep as die mans. Geleerdheid is vir dames tradisioneel nie so belangrik as vir mans nie. Dames wat wel besluit om universiteit toe te kom, doen dit waarskynlik in meer gevalle as die mans omdat hulle glo dat hulle werklik die vermoë of talente daartoe het. Gevolglik kan aangeneem word dat damestudente ook beter gemotiveer is as mans.

Verder moet dit in gedagte gehou word dat mans in ons samelewing meer geleenthede tot afleiding het as

dames. As groep maak mans op universiteit dan ook mildelik daarvan gebruik. Daarenteen is dames, formeel of informeel, meer gebind deur reëls, rolverwagtings en dies meer. Dit maak die dame outomaties meer huis- of koshuisgebonde, wat bevorderlik behoort te wees vir studie. 'n Groep mans -- selfs een man alleen -- sal byvoorbeeld veel geredeliker 'n Saterdagavond uitgaan as dames. 'n Dame sal gewoonlik verkies om die feit dat sy die aand nie uitgaan („sleep“) nie, nie te adverteer nie: „‘In my sorority house prestige is greatly lowered if one has no dates, especially on the week-ends’” (mening van 'n damestudent, Tukey⁵⁵), p. 126). Om dan haar prestige te handhaaf, sal die „sleep“-lose dame waarskynlik tuisbly, en -- al is dit net omdat daar niks anders te doen is nie -- bestaan die moontlikheid dat sy dié tyd sal gebruik om te studeer. Veral in die geval waar daar 'n onderwyskollege naby die universiteit is, is hierdie situasie waarskynlik nie seldsaam nie, aangesien die dames daar in die meerderheid is.

Wanneer Malherbe en Cook³⁰⁾ dan noem dat dames meer pligsgetrou is as mans, kan daar aangeneem word dat bogenoemde verskynsel 'n rol speel in die ontwikkeling van ten minste sommige dames se pligsgetrouheid!

Wat ook al die rede mag wees: by die bestudering van akademiese prestasie sal daar rekening gehou moet word met die feit dat damestudente as groep kenmerkend akademies sterker is as die gemiddelde manstudent.

3.4.2.3 Persoonlikheid

Die persoonlikheidselenskappe wat hier in verband gebring word met akademiese prestasie kan, streng gesproke, nie in alle gevalle voorspellers genoem word nie. Daar

is twee redes:

Eerstens moet daar in gedagte gehou word dat persoonlikheid nie 'n absoluut konstante verskynsel is nie. En die ontwikkelingstyd waarin die student hom bevind asook die ingrypende veranderings op talle terreine wat universiteitsbywoning meebring, is faktore wat beslis sal bydra daartoe dat die student se persoonlikheid tydens die drie of vier jaar wat hy op universiteit deurbring, nie noodwendig konstant sal bly nie (vgl. Gibbs¹⁶⁾, p.580).

Tweedens, 'n metodologiese oorweging: Sommige van die persoonlikheidstrekke is wel geïsoleer in studies waar persoonlikheidsvraelyste wat voor of vroeg in die akademiese loopbaan afgeneem is, later vergelyk word met die peil van die betrokke studente se akademiese prestasie. Maar in ander ondersoeke is hierdie eienskappe vasgestel deur middel van studies wat uitgevoer is op oor- en onderpresteerders en op universiteitsverlaters eers wanneer hierdie verskynsels reeds kop uitgesteek het. In die lig van die voorafgaande paragraaf kan dit betwyfel word of laasgenoemde bevindings goedsmoeds met die oog op voorspelling gebruik kan word.

Aangesien hierdie oorsig slegs 'n agtergrond vir die huidige studie verskaf, sal daar nie ingegaan word op die implikasies van bogenoemde verskynsels nie. Die aard van die toetse waarmee die persoonlikheidseienskappe wat met akademiese prestasie geassosieer word, vasgestel is, sal ook nie ondersoek word nie. Daar sal nie eers 'n poging aangewend word om die begrip persoonlikheid te omskryf nie. Dit is 'n uiters gekompliseerde terrein, en val beslis buite die omvang van die huidige studie. Daar sal slegs min of meer gehou word by wat in die literatuur onder die rubriek

„persoonlikheidseienskappe" behandel word. Faktore soos belangstellings, motivering, en houdings, wat soms as persoonlikheidseienskappe gesien word, sal egter afsonderlik aandag ontvang.

Die gedagte dat sekere persoonlikheidseienskappe onderliggend is aan die peil van studente se akademiese prestasie word redelik algemeen aanvaar. Roth en Puri⁴³⁾ noem byvoorbeeld: „Underachievement may frequently involve a particular kind of personality organisation containing a set of symptoms which is dynamically related to enduring, maladaptive achievement behavior" (p.272).

Die volgende is sommige van die persoonlikheidskenmerke van die swak presteerder wat in die literatuur genoem word:

Onstabilliteit (Vaughan⁵⁹⁾; Heilburn, in Vaughan⁵⁹⁾; Nel⁴¹⁾; Bhatnagar²⁾).

Impulsiwiteit (Vaughan⁵⁹⁾; Roth en Puri⁴³⁾).

Onvolwassenheid (Hummel en Sprinthall²⁵⁾; Marsh³²⁾; Slocum⁴⁹⁾; Vaughan⁵⁹⁾; Nel⁴¹⁾; Bishton, in Nel⁴¹⁾; Springle, in Nel⁴¹⁾; Bhatnagar²⁾; Gelso en Rowell¹⁵⁾).

Oorafhanklikheid (Hummel en Sprinthall²⁵⁾; Grace, in Marsh³²⁾; Springle, in Nel⁴¹⁾).

Gebrek aan selfbegrip (Baird¹⁾; Jones, in Marsh³²⁾; Vaughan⁵⁹⁾; Barrett, in Nel⁴¹⁾; Bhatnagar²⁾; Fox¹⁴⁾; Gelso en Rowell¹⁵⁾; Gibbs¹⁶⁾).

Gebrek aan selfdisipline (Van der Merwe⁵⁷⁾; Gough¹⁹⁾; Gelso en Rowell¹⁵⁾).

Aggressiwiteit (na buite gerig) (Shaw en Brown⁴⁷);
Bresee, in Nel⁴¹; Bhatnagar²).

Aggressiwiteit (na binne gerig) (Roth en Puri⁴³).

Gebrek aan selfvertroue (Baird¹; Ziller et al.⁶⁴);
Roth en Puri⁴³; Bhatnagar²).

Onverantwoordelikheid (Gelso en Rowell¹⁵);
Dean⁸; Gibbs¹⁶; Grace, in Marsh³²; Brown⁴).

Ekstraversie (Möller³⁴; Nel⁴¹; Gibbs¹⁶);
Jones, in Marsh³²; Owens en Johnson⁴²; Altus, in Nel⁴¹;
Harris²³).

Die meeste van hierdie persoonlikheidseienskappe kan teruggevoer word na die begrip onvolwassenheid, waarmee gepaard gaan gebrek aan selfbegrip. Dit is moontlik net ekstraversie wat moontlik nie direk hierna herlei kan word nie.

Die tipiese onderpresteerder se onvolwassenheid en gebrek aan selfbegrip word gemanifesteer in kenmerke soos impulsiwiteit, onstabiliteit, gebrek aan selfvertroue, oor-afhanklikheid en onverantwoordelikheid. Hy het 'n negatiewe selfkonsep, en word deur bogenoemde eienskappe verhinder om 'n positiewe selfsiening te ontwikkel. Hy vind dit moeilik om blywende sosiale bande te smee.

Die feit dat etlike ondersoekers vind dat die onderpresteerder geneig is tot ekstraversie, rym op die oog af nie met bogenoemde beskrywing nie. Met betrekking tot sy swakker akademiese prestasie word daar genoem (vergelyk o.a. Möller³⁴, p.129) dat die ekstravert, anders as die introvert (wat in die reël akademies sy meerdere is), sosiale verkeer baie belangrik ag -- iets wat heelwat tyd en aandag

in beslag neem, en dus sy neiging tot onbevredigende akademiese prestasie kan verklaar. Möller noem 'n verdere saak van belang (na aanleiding van 'n hele aantal ondersoeke in verband met dié onderwerp), naamlik dat die ekstravert blykbaar alleen 'n optimumvlak van motivering bereik in 'n interpersoonlike situasie -- iets wat kenmerkend afwesig is in die lesingsale van ons universiteite.

Die feit dat die ekstravert sosiale omgang so belangrik ag -- dikwels blykbaar belangriker as sy studies -- asook die verskynsel dat hy die beste gemotiveer is in sosiale situasies -- dat sy studies as sodanig dus nie genoegsame motiveringswaarde inhou nie -- kan gesien word as 'n teken van onvolwassenheid. Daar word nie beweer dat ekstraversie sinoniem met onvolwassenheid is nie. Dit wil egter voorkom asof die twee verskynsels ook nie juis onversoenbaar is nie!

Heelwat van die ondersoekers wat die verband tussen persoonlikheidstrekke en akademiese prestasie bestudeer het, kon min of geen verband tussen die twee sake vind nie. Nòg Schlebusch⁴⁶⁾, nòg Nel et al.⁴⁶⁾ byvoorbeeld, kon deur middel van die Bernreuter-persoonlikheidsvraelys persoonlikheidseienskappe isoleer wat 'n beduidende verband toon met akademiese prestasie. Schlebusch⁴⁶⁾ en Davis⁶⁾ haal ook ander ondersoekers aan wat nie daarin kon slaag om 'n sodanige verband te vind nie. Baird¹⁾ noem dat persoonlikheid 'n onbevredigende voorspeller van akademiese prestasie is.

In baie van die ondersoeke wat hierbo aangehaal is, toe sommige van die kenmerkende persoonlikheidseienskappe van swak presteerders genoem is, is net één of enkele trekke uit 'n lang vraelys gevind wat korreleer met akademiese prestasie, en selfs hier is daar soms weersprekings en ongerymdhede.

Perspektief: Die probleem van die verband tussen persoonlikheid en akademiese prestasie het in die literatuur al heelwat aandag ontvang. Daar is egter min eienskappe wat konsekwent aan swak prestasie verbind kon word. Dit kan moontlik onder andere die gevolg wees van die feit dat persoonlikheid, veral in hierdie stadium, nie heeltemal konstant is nie. Onvolwassenheid (en die kenmerke wat daarmee gepaard gaan) en ekstraversie blyk die duidelikste verband met swak universiteitsprestasie te toon. Die twee verskynsels is moontlik in 'n sekere sin aan mekaar verwant.

3.4.2.4 Studiegewoontes, -metodes en -houdings

Studieprobleme kom algemeen voor by alle studente. Dit is al hulle belangrikste enkele probleem genoem, en daar is dikwels aangevoer (én bevind) dat studieprobleme 'n belangrike oorsaak van swak akademiese prestasie is (Sarnoff en Raphael⁴⁵⁾; Hunter en Morgan²⁶⁾; Van der Merwe⁵⁷⁾; Miller³³⁾; Nel et al.⁴⁰⁾; Tiebout⁵⁴⁾; vergelyk ook Harris²³⁾ en Nel⁴¹⁾ se literatuurstudies).

Daar word dikwels aangevoer dat goeie studente ander studiemetodes volg as swak studente. Onderzoekers is dit egter nie eens oor die aard van hierdie metodes of die verskille tussen die metodes nie. (Vergelyk byvoorbeeld Möller³⁴⁾ se literatuurstudie, pp.135-142). Goeie studente volg ook nie noodwendig „goeie” studiemetodes, of andersom nie. Miller³³⁾ byvoorbeeld, rapporteer dat swak studiegewoontes deur beide studente en voorligters as die belangrikste enkele faktor wat aanleiding tot universiteitsverlating gee, beskou word -- maar die aard van hierdie studiemetodes word nie genoem nie.

'n Faktor wat wel 'n tasbaarder verband met akademiese prestasie toon, is houdings teenoor studie (vergelyk Gibbs¹⁶⁾; en die literatuurstudies van Moller³⁴⁾ en Nel⁴¹⁾. In sy eie studie vind Möller egter nie 'n beduidende verband tussen hierdie twee faktore nie.

Perspektief: Die literatuur dui daarop dat dit nie soseer sekere studiemetodes of -tegnieke is wat 'n verband toon met akademiese prestasie nie, maar eerder die student se houding teenoor sy studies: 'n realistiese en positiewe houding hou 'n verband met beter akademiese prestasie (Gibbs¹⁶⁾).

Of studiehoudings 'n onafhanklike faktor is, kan betwyfel word. Nel⁴¹⁾ lei uit haar literatuurstudie af dat studiehoudings 'n verband hou met faktore soos toekomsgerigtheid en akademiese aspirasies. Ook Du Toit¹¹⁾ koppel dit aan „motivering en algemene lewensbenadering” (p.11).

Dit moet in gedagte gehou word dat studiemetodes en -houdings, soos die geval ook is ten opsigte van persoonlikheid en etlike ander faktore, onderhewig is aan 'n magdom invloede. Daarom kan dit beswaarlik as konstante gegewens beskou word. Hoewel sekere studiemetodes, of veral houdings teenoor studie, dus op 'n bepaalde tydstip kan korreleer met akademiese prestasie, sal dit geen verrassing wees as hierdie faktore nie besonder bruikbare voorspellers van akademiese prestasie is nie.

3.4.2.5 Woonplek

Nel et al.⁴⁰⁾ vind aanduidings dat studente wat in hulle ouerhuise woon, beter vaar as koshuisstudente en baie beter as dié wat privaat loseer. Die verskille

is egter nie statisties beduidend nie.

In nòg Goosen¹⁸⁾, nòg Schlebusch⁴⁶⁾ se studies is daar 'n verband gevind tussen studente se woonplek en hulle akademiese prestasie.

Perspektief: Daar is aanduidings dat studente wat by hulle ouers woon as groep die beste, en privaatlo-seerders as groep die swakste vaar, maar hierdie neiging is nie konsekwent of beduidend nie.

3.4.2.6 Gesinsagtergrond

Die belangrikste enkele aspek van die studente se gesinsagtergrond wat in die literatuur aan die peil van sy akademiese prestasie gekoppel word, is sy sosio-ekonomiese klas, waarmee saamhang die beroep en opvoedingspeil van sy vader. Die neiging is dat studente wat uit hoër sosio-ekonomiese groepe kom, waar die vader verder gestudeer het en 'n professionele beroep beoefen, op universiteit beter vaar as diegene wat uit „laer” groepe kom, en waar die vader byvoorbeeld ongeskoolde arbeid verrig. Hierdie tendens word deur Harris²³⁾, Slocum⁴⁹⁾ en Nel⁴¹⁾ se literatuurstudies bevestig. Ook Nel et al.⁴⁰⁾ en Shaw en Brown⁴⁷⁾ vind hierdie verband.

Möller³⁴⁾ kon in sy studie egter nie bevestiging kry vir hierdie verskynsel nie, en Goosen¹⁸⁾ vind dat nòg die beroep van die vader nòg die gesin se inkomstegroep 'n verband toon met die akademiese prestasie van sy groep studente.

Perspektief: Die tendens dat studente wat uit hoër sosio-ekonomiese omgewings kom, dikwels beter vaar as dié uit „laer” groepe, kan toegeskryf word aan onder

andere die positiewe verband tussen sosio-ekonomiese stand en toetsintelligensie, waarvoor daar genoeg bewyse in die literatuur is (vergelyk onder andere Langenhoven²⁸⁾).

Daar kan aanvaar word, o.a. op grond daarvan dat die vader gewoonlik redelik ver gestudeer het, dat studente uit hierdie huisgesinne meer potensiaal het om akademies te presteer, en dat hierdie potensiaal van vroegs af meer geleent-hede gehad het om te ontplooi.

Die neiging dat studente uit hoër sosio-ekonomiese groepe beter vaar, word egter nie deur alle studies bevestig nie, en, waar dié verskynsel wel gevind word, is dit selde baie beduidend.

3.4.2.7 Ekonomiese faktore

Ekonomiese faktore (buiten en behalwe die ekonomiese posisie van die gesin -- 3.4.2.6 hierbo) is van belang met betrekking tot universiteitsverlating. Marsh³²⁾ vind op grond van sy literatuurstudie, en Slocum⁴⁹⁾ op grond van 'n literatuurstudie asook sy eie navorsing dat „... economic pressures (are) of considerable importance in connection with student withdrawals" (p.56). Ook volgens die studie van Goetz en Leach¹⁷⁾ is finansiële probleme 'n belangrike oorsaak van universiteitsverlating, en Demos⁹⁾ vind dat dit die belangrikste enkele faktor is wat aanleiding gee tot universiteitsverlating.

Verder is daar studies wat daarop dui dat ekonomiese faktore 'n redelik sterk verband toon (en dit is blykbaar veral plaaslik die geval) met die peil van die betrokke student se akademiese prestasie as sodanig. Möller³⁴⁾ en Nel et al.⁴⁰⁾ vind dat studente wat finansiëel alleen van hulle ouers afhanklik is, beduidend swakker vaar as dié wat van 'n kombinasie

van bronne afhanklik is.

In Schlebusch⁴⁶⁾ se studie is daar egter nie 'n beduidende verband gevind tussen die bronne waaruit die proefpersone se universiteitskoste gedek word en hulle akademiese prestasie nie.

Perspektief: Ekonomiese faktore hou (hoewel alle studies dit nie bevestig nie) 'n verband met (i) universiteitsverlating en (ii) die peil van die akademiese prestasie wat 'n student behaal. Vir ons doel is veral laasgenoemde van belang.

As redes vir hierdie verskynsel kan aangevoer word dat die student wat van 'n kombinasie van bronne afhanklik is (beurse, lenings e.a., moontlik naas ondersteuning deur ouers), finansiëel moontlik meer kwesbaar is, en derhalwe meer gemotiveer is om goed te vaar. Verder moet daar in gedagte gehou word dat studente wat in matriek reeds goed gevaar het, eerder in aanmerking sou kom vir veral beurse, sodat die aard van hulle finansiële situasie gesien moet word in die lig van hulle vorige prestasies (3.4.1.2 en 3.4.1.3 hierbo).

Nietemin wil dit voorkom asof die bron van 'n student se finansies bruikbaar kan wees as akademiese voorspeller.

3.4.2.8 Belangstellings

Möller³⁴⁾ haal heelwat ondersoekers aan wat 'n beduidende verband vind tussen die resultate van die een of ander belangstellingsvraelys en die akademiese prestasie van die betrokke student. Gous²⁰⁾, wat ook so 'n verband vind, noem dat belangstellings slegs in kombinasie met faktore soos die matriekpunt of aanleg 'n bruikbare voorspeller is.

Freislich (aangehaal deur Goosen¹⁸⁾) vind geen duidelike verband tussen belangstellings en akademiese prestasie nie, en Schlebusch⁴⁶⁾ se goeie en swak presteerders verskil, wat belangstelling betref, van mekaar slegs daarin dat die goeie presteerders meer artistieke belangstellings toon en die swak groep meer in handwerk en wetenskap belangstel.

By Möller³⁴⁾ se eerstejaaringenieursgroep was daar geen verband tussen die UV-belangstellingsvraelys en akademiese prestasie nie. Op die Kuder-belangstellingsvraelys korreleer meganiese aanleg negatief met hierdie groep se akademiese prestasie, en belangstelling in klerklike werk en berekening positief! Strydig met die verwagting, toon wetenskaplike belangstelling geen beduidende verband met die hierdie groep se akademiese prestasie nie.

Die indruk wat uit die literatuur verkry word, is (i) dat daar nie in alle gevalle 'n verband tussen studente se belangstellings en hulle akademiese prestasies is nie, en (ii) dat, waar daar wel 'n verband gevind word, dit nie altyd in 'n voorspelde, of selfs maklik verklaarbare rigting is nie. Nel et al.⁴⁰⁾ het byvoorbeeld met dieselfde toets as Möller³⁴⁾ -- die Kuder-belangstellingsvraelys -- „... geen of slegs 'n geringe verband tussen sterkte van belangstelling ... en die totale akademiese prestasie" gevind⁴⁰⁾ (p. 86).

Perspektief: Ten spyte daarvan dat daar enkele aanduidings is van beduidende korrelasies tussen belangstellings en akademiese prestasie, wil dit voorkom asof hierdie verband nóg konsekwent, nóg maklik voorspelbaar is. Die resultate wat verkry word, wissel na gelang van die vraelys wat gebruik word en die kursusgroep waarop dit toegepas

word. Nel et al.⁴⁰⁾ noem dan ook dat hierdie vraelyste eerder tussen verskillende kursusgroepe onderskei as tussen goeie en swak presteerders in die algemeen. Na aanleiding van 'n studie van Guilford, noem Möller³⁴⁾ dat belangstellings eerder bepaal wat 'n persoon doen as hoe of hoe goed hy dit doen.

Ten opsigte van studies waar daar wel gevind word dat belangstelling 'n verband hou met akademiese prestasie, moet dit nie uit die oog verloor word nie dat belangstellings ten nouste verbonde is aan aanleg, en daarom ook aan prestasies wat in die verlede behaal is. 'n Persoon is immers geneig om belang te stel in die rigtings of vakke waarvoor hy aanleg het, en waarin hy hoogs waarskynlik reeds geprester het. Die verband tussen belangstellings en akademiese prestasie, waar dit wel gevind is, kan dus ten minste gedeeltelik uit hoofde van die student se aanleg en sy vorige prestasies verklaar word. Daarom kan belangstellings nie sonder voorbehoud as 'n onafhanklike faktor gesien word nie.

Verder is belangstellings onderhewig aan fluktuasie, wat waarskynlik 'n nadelige uitwerking op die voorspellingswaarde van hierdie faktor sal hê.

3.4.2.9 Studierigting (kursus)

Die vraag is hier: vaar studente wat sekere kursus se volg, akademies beter as dié wat ander kursusse volg? Dit gaan hier om méér as die punt wat behaal word as sodanig. Dit is vanselfsprekend dat verskillende kursusse verskillende doelstellings, metodes, kriteria en dus ook verskillende puntestrukture sal hê, sodat 65% in een kursus 'n gemiddelde punt kan wees, terwyl so 'n punt in 'n ander kursus alleen deur uitblinkers behaal word. Om punte te normaliseer

bied ook geen werklike oplossing nie. Die moontlikheid bestaan altyd nog dat een kursusgroep werklik „beter” studente het.

Die probleem is daarom die vasstelling van bruikbare kriteria om werklik goeie studente uit te ken -- nie slegs studente wat in 'n sekere kursus goed vaar nie. En dan is daar altyd die vraag of resultate wat in dié verband verkry is, nie uitsluitlik van toepassing is op die betrokke universiteit op die betrokke tydstip nie. Dit is waarskynlik om hierdie redes dat die literatuur oor hierdie saak heel weinig bruikbare materiaal bevat, en dat gegewens kenmerkend van 'n teenstrydige aard is (vergelyk Freislich, in Goosen¹⁸⁾; Harris²³⁾).

Perspektief: Weens die uiteenlopende aard van verskillende kursusse is dit waarskynlik wetenskaplik onverantwoordbaar om studente uit verskillende kursusgroepe se punte met mekaar te vergelyk (Nel et al.⁴⁰⁾), en kan daar daarom nie bepaal word of studente wat sekere kursusse volg, werklik beter vaar as dié wat 'n ander kursus loop nie. (Die implikasies vir die huidige studie is dat die steekproef verkieslik uit slegs een kursusgroep getrek sal word of dat die resultate van studente uit verskillende kursusgroepe slegs binne daárdie groep vergelyk sal kan word.)

3.4.2.10 Motivering

In hierdie afdeling gaan daar geen poging aangewend word om die presiese aard van menslike motivering te definieer nie. Die soort motivering waaroor dit hier gaan, kan beskryf word as daardie krag wat aanleiding gee tot en geuit word in wat Baird¹⁾ noem 'n „conscious, rational, directed effort” tot studie (p.25). In dié verband praat Möller³⁴⁾ tereg van die

student se dryfvlak.

'n Volledige bespreking van die probleem van studiemotivering kan boekdele beslaan. Die probleem is „... besonder omvattend, besonder subtiel, besonder belangrik en besonder moeilik hanteerbaar" (Du Toit¹¹⁾, p.12). Motivering om te studeer hou verband met eienskappe soos prestasiedrang, doelgerigtheid, aspirasie, weetgierigheid, volwassenheid, deurstellingsvermoë of volharding, toekomsgerigtheid, wilskrag en talle ander (vergelyk Marsh³²⁾; Gelso en Rowell¹⁵⁾; Van Biljon⁵⁶⁾; Du Toit¹¹⁾; Slocum⁴⁹⁾; Hummel en Sprinthall²⁵⁾; Nel⁴¹⁾; Tiebout⁵⁴⁾), en dit hang af van en/of word bepaal deur 'n magdom faktore, waaronder die student se „... hele lewensuitkyk en ... waardestelsel, tot die vorming waarvan die huis, skool en maatskappy bydra, asook kerk, radio, bioskoop, ... leesstof en die samelewing as geheel" (Du Toit¹¹⁾, p.13). Dit sal slegs moontlik wees om kortliks te verwys na enkele aspekte van studiemotivering.

Dat motivering wel 'n verband hou met akademiese prestasie -- die prestasiepeil styg naamlik namate die motiveringspeil of dryfvlak toeneem -- is uit die literatuur duidelik. Sarnoff en Raphael⁴⁵⁾ vind byvoorbeeld dat vlakheid van motivering een van die opvallende kenmerke is van studente wat akademies misluk. Slocum⁴⁹⁾ wys daarop dat „... the college provides learning opportunities for capable persons who are motivated to succeed" (p.63). Talle ander ondersoekers (Zimmerman⁶⁵⁾; Hummel en Sprinthall²⁵⁾; Gibbs¹⁶⁾; Heilburn, in Marsh³²⁾; Demos⁹⁾; Baird¹⁾; Miller³³⁾; en veral Du Toit¹¹⁾) beklemtoon die belang van motivering by die bepaling van 'n student se prestasiepeil.

Harris²³⁾ noem ook 'n paar studies wat op hierdie verband dui, maar die meeste studies wat hy aanhaal, vind nie 'n sodanige verband nie.

Nogtans is dit uit verreweg die meeste studies wat geraadpleeg is, duidelik dat motivering beskou word as 'n besonder belangrike faktor -- sommiges noem dit selfs die belangrikste enkele faktor -- by die bepaling van 'n student se akademiese prestasiepeil. Onderzoekers is dit natuurlik eens dat motivering as sodanig nutteloos is. Die voorvereiste is vanselfsprekend die teenwoordigheid van voldoende vermoëns (intelligensie, aanleg). Vlok⁶¹⁾ noem dat „... intelligensie (sal) begin om 'n aktiewe rol in sy akademiese vordering te speel ... op die stadium waar die student besluit om volgens sy maksimumvermoë te presteer" (p.76) -- dit wil sê: as hy gemotiveer is.

Dit is interessant om daarop te let dat studente wat swak vaar, dikwels òf nie bewus is van hulle lae dryfvlak nie, òf dit bloot nie wil erken nie. In die studies van Demos⁹⁾ en Miller³³⁾ is dit opvallend dat studente self gebrek aan motivering laag op die lys van oorsake vir hulle mislukking plaas, terwyl die voorligters („counsellors") dit as een van die belangrikste redes sien. Slegs finansiële probleme, en die gevolglike noodsaaklikheid om te gaan werk (Demos), en swak studiegewoontes en -tegnieke (Miller) word belangriker as motivering beskou.

Daar kan aangeneem word dat daar talle faktore is wat 'n verband hou met studiemotivering. Harris²³⁾ haal byvoorbeeld 'n studie van Eckert aan, waarin daar aanduidings is dat bo-gemiddelde intelligensie gepaard gaan met 'n hoër motiveringspeil. Krop²⁷⁾ vind ook dat motiverings- en

en intelligensiepeil beduidend korreleer. Möller³⁴⁾ sinspeel daarop dat daar by die neuroties-introverte persoon 'n hoër dryfvlak bestaan. Daar is ook aanduidings dat hoër motivering gepaard gaan met 'n meerdere mate van volwassenheid (Gelso en Rowell¹⁵⁾).

Du Toit¹¹⁾ bring heelwat faktore in verband met die vorming van 'n gemotiveerde of 'n minder-gemotiveerde mens: Die materialistiese aard van ons samelewing wat briljante studente kan ontmoedig; die invloed van die huis, waar daar, in 'n gesonde atmosfeer, 'n liefde vir kennis aangekweek kan word, of, in 'n ongesonde klimaat, 'n afkeer van kan ontwikkel; die skool, waar die goeie onderwyser die leerlinge kan besiel, maar waar die swak en onbegrypende meester opvoedingsideale tot niet maak. Hy noem dat „... bo alles ... 'n vonk van besieling" nodig is (p.13). (Ons kan „onderwyser" met „dosent" en „leerling" met „student" vervang.) Hy beklemtoon die belang van „... één besielende, begrypende persoon wat die leerling se volle vertroue geniet". Ons kan veronderstel dat hierdie persoon vir die universiteitstudent 'n dosent kan wees, 'n koshuisvader, 'n ouer -- ook 'n vriend(in) van dieselfde of die teenoorgestelde geslag.

Perspektief: Daar is genoeg gesê om die „overriding importance of motivation to academic achievement" te beklemtoon (Slocum⁴⁹⁾, p.62-63). Daar is aangetoon dat studente selde bewus is daarvan of wil erken dat gebrekkige motivering 'n sleutelfaktor is in hulle akademiese mislukking. Daar is gewys op die uiters komplekse aard van die probleem. Daar is genoem dat motivering as sodanig onvoldoende is vir die behaal van goeie punte -- genoegsame (intellektuele) vermoëns is 'n voorvereiste. Daar is aangetoon dat motivering

wortel nie alleen in die student se geskiedenis en vroeëre omstandighede nie, maar ook in die opset van die samelewing as geheel, en dus ook in die kampus-subkultuur. Die meer onmiddellike omstandighede en persone in die student se lewe speel dus ook 'n belangrike rol in die bepaling van die student se motiveringslewe. (-- Dit is hiër waar daar vir die voorligter 'n ligpuntjie is, want onmiddellike omstandighede is in 'n mate manipuleerbaar. Erens kan daar dus 'n wlg gedryf word in hierdie omvattende, glibberige en uiters komplekse probleem.)

3.4.2.11 Oorsig: Nie-intellektuele faktore as voorspellers van akademiese prestasie

Daar word hoegenaamd nie voorgegee dat alle nie-intellektuele faktore wat 'n verband hou met akademiese prestasie en wat as akademiese voorspellers gebruik kan word, hierbo behandel is nie. Faktore soos die aantal kamermaats, verandering van kursus of vakke, rook, en talle ander is in die verlede ondersoek, en in baie gevalle is daar wel 'n verband tussen hierdie faktore en akademiese prestasie gevind. Dit dien egter nie ons doel om hierdie saak te probeer uitput nie. Die faktore wat in die literatuur die meeste aandag ontvang het, en dié wat die duidelikste verband toon met akademiese prestasie, is wel reeds genoem.

Uit die literatuuroorsig het dit duidelik geword dat daar 'n groot groep faktore van nie-intellektuele aard is wat 'n rol speel by die bepaling van 'n student se akademiese prestasiepeil. Faktore wat 'n merkbare invloed uitoefen, is onder meer: geslag (dames vaar beter); persoonlikheid (volwasse, introverte studente vaar beter); ekonomiese faktore (studente wat van 'n kombinasie van bronne afhanklik is, vaar beter as die wat op hulle ouers alleen staatmaak) en motivering (die gemotiveerde student vaar beter).

In vergelyking met die intellektuele faktore, is nie-intellektuele faktore dikwels moeilik om te omskryf, te kwantifiseer en te ondersoek. Veral die motiveringsprobleem is uiters amorf, en ook besonder ingewikkeld. En dit is juis laasgenoemde faktor wat deur heelwat ondersoekers beskou word as die belangrikste enkele nie-intellektuele faktor wat 'n rol speel by die bepaling van die student se akademiese prestasiepeil.

3.4.3 Kombinasies faktore as voorspellers van akademiese prestasie

Verskeie ondersoekers stel kombinasies faktore voor wat, na hulle mening, of op grond van die resultate van hulle ondersoeke, 'n beter voorspelling van akademiese prestasie sal lewer as enige enkele faktor.

Kombinasies wat voorgestel word, is onder andere „... sekere persoonlikheidstrekke en biografiese gegewens, ... eksamenuitslae teen die einde van die eerste jaar ... met ... matrikulasiepunte gekombineer" (Möller³⁴), p.191-192); skolastiese prestasie (matriekpunt), verstandsvermoë (NSAGT-IK), en belangstelling (UV-belangstellingsvraelys) (Gous²⁰); vermoëns (intelligensie en aanleg), „effort" (dryfkrag of motivering) en omstandighede (persoonlik, sosiaal, ekonomies, akademies e.a.) (Harris²³); vorige prestasies, motivering en selfbeskrywing (d.i. insig in eie vermoëns) (Baird¹).

Perspektief: Vir die huidige studie is die relatiewe voorspellingswaarde van hierdie kombinasies nie van soveel belang nie. Daar moet eerder gelet word op daardie faktore waaraan prominensie verleen word in sodanige kombinasies -- faktore wat dus belangrik geag word omdat hulle hoog korreleer

met akademiese prestasie. Dit is naamlik: vorige prestasies (matriekpunt e.a.), vermoëns (intelligensie en aanleg) en motivering.

3.4.4 Veranderlikheid van sommige faktore wat gebruik word vir akademiese voorspelling

Dit was telkens uit die voorafgaande oorsig duidelik dat sommige faktore -- en dit geld eintlik die nie-intellektuele faktore --, hoewel hulle onteenseglik 'n verband toon met akademiese prestasie, van so 'n aard is dat hulle nie altyd betroubare voorspellers is nie.

Hierdie verskynsel kan gewyt word aan die feit dat ekonomiese omstandighede, motivering, en so meer nie, soos byvoorbeeld die matriekpunt of selfs die IK, 'n konstante gegewe is nie maar geneig is tot fluktuasie en verandering. Gevolglik is dit onmoontlik om die presiese voorspellingswaarde daarvan te bepaal.

Die veranderlikheid van hierdie faktore is deels te wyte aan die aard van die faktor self. Faktore soos deelname aan buitemuurse bedrywighede e.d.m. is nie -- soos die matriekpunt -- 'n „konstante" gegewe nie. Die hele kwessie moet gesien word teen die agtergrond van die studente se ontwikkelings stadium en die aard van universiteitsbywoning: Die student is nog besig om volwasse te word, en daar is 'n groot mate van labiliteit te bespeur ten opsigte van sy hele persoonlikheid, sy houdings en belangstellings en sy gedrag op feitlik alle gebiede. Die blote feit van universiteitsbywoning bring in baie gevalle ingrypende veranderinge, veral van sosiale aard, mee, waarby die student sy doen en late, sy denkwyse, sy houdings en sy waardes moet

aanpas. S6 gesien is dit geen verrassing dat talle gegewens oor homself in die loop van die student se voorgraadse jare onderworpe is aan verandering nie.

Die feit dat hierdie gegewens dan min of geen voorspellingswaarde het nie, is egter geen rede om hulle te verontagsaam nie. Kennis aangaande dié groep faktore kan lig werp op sommige van die oorsake van die onvermoë van soveel voorspellers om betekenisvolle resultate te lewer, en sal bydra tot 'n dinamiese siening van die student as geheel.

3.5 Onvoorspelbare faktore en akademiese prestasie

Uit die vorige afdelings is dit duidelik dat ondersoekers oor die algemeen dit eens is dat die student as geheel, en dan ook sy akademiese prestasie en al die faktore daarby betrokke, nog nie omvattend genoeg bestudeer is nie: "... there are other factors which have not been accounted for which have caused the unexpected performance of those students" (die „goeies" wat swak vaar en die „swakkes" wat goed vaar) (Munger³⁸, p.218).

Daar is genoem dat sommige van hierdie „other factors" reeds tydens universiteitstoelating bestaan, maar weens hulle veranderlikheid en onvoorspelbaarheid is hulle nie die bruikbaarste voorspellers van latere akademiese prestasie nie (3.4.4 hierbo).

Maar meer nog: Waar persoonlikheid, belangstellings e.a. ten minste reeds voor universiteitstoelating bestaan, en dus darem nog gemeet kan word, is daar sekere ander faktore wat tydens universiteitstoelating grotendeels --

selfs geheel en al -- onbekend is. Ons dink aan die wyse waarop die student hom by die universiteit gaan aanpas, sy buitemurse en sosiale aktiwiteite, en aan sy (moontlike) verhoudingslewe („sleep“).

Faktore soos hierdie kan beslis -- al is hulle NIE reeds voor of vroeg in die student se akademiese loopbaan bekend nie -- 'n groot invloed op sy akademiese prestasie hê. Goetz en Leach¹⁷⁾ praat in hierdie verband van „personal conditions and events" (p.88) wat aanleiding gee tot universiteitsverlating (dit waaroor die betrokke artikel handel), maar by implikasie ook tot akademiese wanaanpassing en onderprestasie -- voorspele tot die uiteindelijke universiteitsverlating.

Daar is 'n magdom invloede wat tydens sy universiteitsjare op die student inwerk; geweldig baie gebeur met hom; hy kom met tallose nuwe sake en persone in aanraking en bevind hom telkens in vreemde situasies -- en dit alles binne 'n nuwe sosiale omgewing en saam met aanvanklik onbekende groeps-genote. Die invloed hiervan op elke student en die unieke wyse waarop hy daarop reageer, is beslis nie voor of vroeg in sy eerste jaar reeds te voorspel nie!

Meer nog: Dit sal ongetwyfeld 'n heel nadelige uitwerking hê op pogings om akademiese prestasie te voorspel, aangesien daar tydens voorspelling glad nie met hierdie faktore rekening gehou kán word nie.

Omdat kennis van hierdie faktore dan nie 'n verbetering sal kan bewerkstellig ten opsigte van keuringsprogramme nie, is hierdie veld in die verlede pynlik afgeskeep. Vandag word daar egter al meer besef dat 'n volledige beeld van die student ontbreek, terwyl die noodsaaklikheid daarvan al hoe opvallender word.

Dit is onwaarskynlik dat studente tydens hulle universiteitsjare aan geheel verskillende buitemuurse aktiwiteite sal deelneem as tydens hulle hoërskoolloopbaan. Maar omdat omstandighede aan die universiteit tog anders -- soms selfs baie anders -- is as dit op skool was, en omdat die student in 'n ontwikkelings stadium verkeer waar veranderings mekaar snel opvolg en dikwels radikaal van aard is, kan aangeneem word

(i) dat die aard van 'n student se buitemuurse bedrywighede nie noodwendig hoef ooreen te stem met wat dit op hoërskool was nie; en

(ii) dat sy belewing van hierdie aktiwiteite -- die waarde wat hy daaraan heg, die betekenis wat dit vir hom het, en dus die uitwerking wat dit op hom sal hê -- anders kan wees as wat dit op hoërskool was. Om hierdie rede word buitemuurse bedrywighede onder onvoorspelbare faktore behandel.

Uit die literatuurstudies van onder meer Harris²³⁾, Slocum⁴⁹⁾ en Möller³⁴⁾ is dit duidelik dat deelname aan buitemuurse aktiwiteite -- veral dié van 'n kulturele aard (byvoorbeeld debatsverenigings, departementele verenigings, e.d.m.) -- gewoonlik gepaard gaan met hoër akademiese prestasie. Deelname aan sport en atletiek korreleer soms negatief met akademiese prestasie (vergelyk Nel et al.⁴⁰⁾, p. 55).

In hulle eie ondersoeke vind Slocum⁴⁹⁾, Duff en Siegel¹⁰⁾, Hunter en Morgan²⁶⁾ en Nel et al.⁴⁰⁾ 'n verband tussen deelname aan buitemuurse bedrywighede en akademiese prestasie wat in breë trekke ooreenstem met wat in bogenoemde literatuurstudies gevind is.

Sommige ondersoekers (plaaslik eintlik slegs Goosen¹⁸⁾) vind egter nie 'n beduidende verband nie.

Perspektief: Op grond van literatuurbevindings blyk daar 'n verband te bestaan tussen deelname aan buitemuurse aktiwiteite en akademiese prestasiepeil. Die negatiewe verband tussen deelname aan sport en akademiese prestasie word nie konsekwent gevind nie, terwyl 'n positiewe verband tussen deelname aan kulturele en vakverenigings en akademiese prestasie dikwels bemerk is.

Daar is aanduidings dat deelname aan laasgenoemde aktiwiteite gepaard gaan met hoër intelligensie (Harris²³ se literatuurstudie). Aktiewe deelname aan sulke verenigings kan ook gekoppel word aan aanleg en belangstelling, en daarom waarskynlik ook aan vroeër prestasies.

Die negatiewe verband tussen deelname aan sport en sosiale bedrywighede enersyds en akademiese prestasie andersyds word deur Duff en Siegel¹⁰⁾ verklaar: Hulle wys op die tyd wat hierdie aktiwiteite in beslag neem -- tyd waarin die student nie kan studeer nie; maar hulle noem ook die moontlikheid dat beide swak akademiese prestasie en deelname aan sodanige bedrywighede simptome kan wees van 'n lae akademiese dryfvlak. Dit sluit aan by Tiebout⁵⁴⁾, wat noem dat studente wat swak vaar, dikwels 'n hedonistiese instelling openbaar. Hulle vind studie vervelig, en „breek uit" om die studentelewe te geniet.

3.5.2 Aanpassing/wanaanpassing en akademiese prestasie

Die terme aanpassing en wanaanpassing word hier in 'n redelik eng sin gebruik. Dit dui nie op

(i) akademiese aanpassing, wat gemeet word aan akademiese prestasiepeil nie (vergelyk Schlebusch⁴⁶⁾,

en ook nie op

(ii) wanaanpassing in die kliniese sin, dit wil sê patologiese toestande nie.

In hierdie afdeling slaan die begrip aanpassing op die sielkundige of emosionele aanpassing by die nuwe omstandighede aan die universiteit -- die nuwe milieu, fisies en sosiaal, die aard van die eise wat aan die student gestel word, en so meer.

Aanpassingsprobleme hoef natuurlik nie 'n onmiddellike reaksie op hierdie nuwe omgewing te wees nie; dit kan eers na maande of jare ontstaan.

Die ondersoeker is bewus daarvan dat wanaanpassing 'n kroniese toestand mag wees, sodat 'n student se wanaanpassing as 't ware „... saamgebring word in die vorm van 'n sekere ingewortelde ondoeltreffendheid as gevolg van faktore wat nie tot die universiteit beperk is nie" (Du Toit¹¹⁾, p.3). As dit só beskou word, kan wanaanpassing aan die universiteit in 'n mate voorspel word.

Maar wanaanpassing kan 'n direkte gevolg wees van onvermoë om die komplekse en nuwe eise van die universiteitslewe, wat in baie gevalle waarskynlik grootliks verskil van dit waaraan die student as leerling gewoond was, die hoof te bied. „Some students", skryf Dalrymple⁷⁾, „... are not ready for college when they graduate from high school ...: they are not mature enough to choose the right college, to select the right courses, to apply themselves in an organized manner, or to form new lasting relationships away from home" (p.13).

Universiteitsbywoning vereis ongetwyfeld 'n aanpassingsproses, en as dit hier skeefloop, kan dié soort wanaanpassing ontstaan wat in hierdie afdeling onder die soeklig kom, en waarvan die invloed op akademiese prestasie kortliks bespreek gaan word. Demos⁹⁾ praat van aanpassingsprobleme „... (which) had developed gradually during the semester or had developed over a period of several weeks" (p.684).

Die nadelige gevolge van wanaanpassing kan oor 'n uitgestrekte terrein van die student se lewe tot uitdrukking kom, onder andere in die vorm van onbevredigende akademiese vordering of prestasie. Du Toit¹¹⁾ rapporteer: „By die onderpresteerder was die aanpassingsmoeilikheid telkens deel van 'n groter patroon van verstoorde funksionering" (p.9), en verder aan praat hy van die „... verlamming van die kognitiewe prosesse deur emosionele steuring" (p.12).

Die teendeel is ook waar: suksesvolle aanpassing by al die aspekte van die universiteitslewe behoort 'n positiewe uitwerking te hê op die algemene funksionering van die student en dus ook op sy akademiese prestasie. Hoyt en Norman²⁴⁾ stel dit so: „... changes in the adjustment state of an individual should be associated with changes in academic achievement" (p.98).

Die veronderstelling dat daar 'n neiging is dat studente met aanpassingsprobleme akademies onbevredigend presteer, word deur die literatuur bevestig (Harris²³⁾ se literatuurstudie; Gelso en Rowell¹⁵⁾; Gibbs¹⁶⁾; Munroe, aangehaal deur Schlebusch⁴⁶⁾; Nel⁴¹⁾ se literatuurstudie; Schlebusch⁴⁶⁾).

Daar is sommige ondersoekers wat nie 'n verskil vind in die mate van aanpassing van goeie en swak studente nie.

(Owens en Johnson⁴²); Shaw en Brown⁴⁷; Hummel en Sprinthall²⁵.) Verskille in die groepe se prestasies word dan toegeskryf aan faktore soos persoonlikheidselenskappe. Dit moet ook in gedagte gehou word dat wanaanpassing gewoonlik gepaard gaan met 'n verhoogde angspeil, wat onder sekere omstandighede 'n (hoewel ongesonde) dryfkrag agter die student se studies mag word. Hoyt en Norman²⁴ skryf: „Maladjustment finds many ways of expressing itself. ... one student may defensively overcompensate for felt deficiencies and through intensive concentration on his studies" (p.96). Wanaanpassing kan dus ook oorprestasie ten grondslag lê (Stromswold en Wren⁵³).

Die oorgrote meerderheid van die studies oor die onderwerp vind egter dat wat ons kan noem „universitêre wanaanpassing", gepaard gaan met swak akademiese prestasie.

Perspektief: Onvermoë om aan te pas by die universiteitsituasie -- hetsy van meet af aan of as gevolg van omstandighede wat eers later intree -- is blykbaar grondliggend aan die onbevredigende akademiese prestasie van baie van die swak studente. Hierdie soort wanaanpassing is heel duidelik nie altyd voorspelbaar nie.

Die onvoorspelbaarheid van hierdie „universitêre wanaanpassing" is onder meer 'n gevolg daarvan dat dit dikwels op sosiale terrein lê of ontstaan (Gibbs¹⁶; Schlebusch⁴⁶). Laasgenoemde ondersoekster stel dit dat die student wat voel dat hy sosiaal wanaangepas is, „... hierdie gevoelens van ontevredenheid projekteer op sy studies" (p.47). En 'n negatiewe houding teenoor studie kan beswaarlik gepaard gaan met bevredigende akademiese prestasie.

Dit sal dus nodig wees om sosiale faktore te ondersoek wat 'n verband hou met akademiese prestasie.

In die paragraaf oor die rol van deelname aan buitemuurse bedrywighede (3.5.1 hierbo) is reeds by implikasie na sosiale bedrywighede verwys. So pas, in die bespreking van wanaanpassing en akademiese prestasie, is die belang van die sosiale sy van die universiteitslewe onderstreep.

Aanpassing op sosiale gebied en sosiale ontwikkeling tydens die universiteitsjare is belangrik vir die individu se persoonlikheidsgroei en sy selfontplooiing. As sodanig is dit dus reeds belangrik genoeg om groot aandag te regverdig. En, eienaardig genoeg, is dit juis hierdie "... social factors in adjustment to college ... (which) ... have been largely overlooked by previous investigators" (Slocum⁴⁹, p.53).

Gevolge van probleme op sosiale gebied sal oor 'n wye front 'n uitwerking hê -- ook wat akademiese prestasie betref. Gibbs¹⁶⁾ gaan so ver om te beweer dat sosiale vaardigheid en verantwoordelikheid 'n nie-kognitiewe komponent van intellektuele gedrag is.

'n Wesenlike probleem wat die sistematiese studie van sosiale invloede op akademiese prestasie in die weg staan, is die feit dat sosiale omstandighede, soos herhaaldelik reeds beklemtoon, veranderlik is. Daarom moet die student se "... sukses of mislukking ... gesien word teen die wisselende sosiale struktuur van die universiteitskampus wat die adolescent persoonlikheid maak of breek" (Van der Merwe⁵⁷⁾, p.2).

Of die verband direk of indirek is - sosiale faktore speel 'n daadwerklike rol by die bepaling van die student se akademiese prestasiepeil. Studies oor dié onderwerp bewys dit telkens. Gibbs¹⁶⁾ stel dit so: „Among

the complex factors differentiating academically failing from succeeding university students are those of unsatisfactory social habits" (p.580).

Hierdie onbevredigende sosiale gewoontes, en alles wat dit ten grondslag lê, sal nie hier in besonderhede behandel word nie. Daar word slegs op enkele van die algemeenste neigings gewys.

Dit is opvallend dat sowel studente wat aan besonder baie sosiale bedrywighede deelneem as dié wat sosiaal kenmerkend onbetrokke is, geneig is tot swakker prestasie; die „middelste" groep vaar die beste. Dit wil dus voorkom asof dit hier gaan om twee soorte studente:

Aan die een kant is daar die sosiaal-ingestelde, ekstroverte, hedonistiese tipe, wat sosiaal so aktief is (Gibbs¹⁶), praat van „extroverted, gregarious activity", p.574) dat hy skaars tyd het vir studeer. Sy sosiale ooraktiwiteit kan ook gesien word as 'n kompensasie vir werklike of veronderstelde akademiese minderwaardigheid. Verder kan beide sy swak akademiese prestasie en sy buitensporige sosiale bedrywigheid gesien word as simptome van 'n onbevredigende akademiese dryfvlak (Owens en Johnson⁴²; Gibbs¹⁶; Möller³⁴; Duff en Siegel¹⁰).

Aan die ander kant vind ons die student wat aan byna geen sosiale bedrywighede deelneem nie. In baie gevalle is dit waarskynlik die onvolwasse, onseker individu, wat nie in staat is om homself sosiaal te oriënteer nie (Samenow⁴⁴; Gibbs¹⁶). Hy het nie die sosiale vaardigheid wat nodig is vir inskakeling by portuurgroepe („peer groups") nie (Fox¹⁴; Gibbs¹⁶). Daar is kenmerkend 'n „... breakdown of ties ... with other reference groups" (Slocum⁴⁹, p.56).

Gevolglik is hierdie studente nie in staat om groep- en morele norme te internaliseer nie (Nel⁴¹; Smith⁵¹). Omdat hulle nie deur die portuurgroep aanvaar word nie, beleef hulle nie die sekuriteit en aanvaarding wat onontbeerlik is vir doeltreffende funksionering, roluitlewering en persoonlikheidsgroei nie (Samenow⁴⁴; Gibbs¹⁶; Van der Merwe⁵⁷).

Waar ongeveer die helfte van alle studente hulleself as eensaam of geïsoleer beskryf, beleef hierdie groep hulle eensaamheid besonder intens (Goetz en Leach¹⁷; Brown⁴). Hulle is die groep wat "... tevergeefs soek na sosiale ondersteuning en dikwels in die duister tas na sosiale norms" (Van der Merwe⁵⁷, p.7). Laasgenoemde skrywer haal Farnsworth aan, wat beweer dat vyftig persent en meer van die akademiese mislukkings uit hierdie groep kom. Dalrymple⁷ beklemtoon dat identifikasie met portuurgroepe groei na volwasewording op alle terreine bevorder, terwyl probleme in hierdie verband selfs tot universiteitsverlating mag lei.

Studente wat misluk in hulle pogings tot identifikasie, is intens bewus daarvan dat hulle nie sosiaal aanvaar word en kan inskakel nie (Bhatnagar²; Fox¹⁴). Gebrek aan sosiale aanvaarding ry selfaanvaarding in die wiele (Ziller et al.⁶⁴). Dit veroorsaak onder meer 'n negatiewe selfkonsep en gevoelens van minderwaardigheid ("low self esteem" -- Ziller et al.⁶⁴), wat geen voordelige uitwerking op die student se algemene funksionering kan hê nie. (Vergelyk ook Schlebusch⁴⁶; Baird¹; Slocum⁴⁹; Fox¹⁴).

Weinberg⁶³ praat in die verband van depersonalisasie, en stel dat dit veroorsaak word deur die onpersoonlikheid van die hedendaagse universiteitsituasie. Vereensaming en nie-inskakeling is dus nie noodwendig slegs die

gevolg van ontoereikende sosiale vaardighede aan die kant van die student nie.

Perspektief: Uit die vorige paragrafe kan afgelei word dat dit wenslik is dat studente sosiaal bedrewe genoeg moet wees om by portuurgroepe te kan inskakel, en dat die sosiale situasie aan die universiteit pogings tot so 'n inskakeling nie moet kortwiek nie. Inskakeling met portuurgroepe verskaf vir die student 'n verwysingsraamwerk, sekuriteit, norme en die geleentheid tot rolutlewing en selfontplooiing; dit verhoog sy selfrespek en werk selfaanvaarding en die vorming van 'n positiewe selfkonsep in die hand. Dit alles bevorder gesonde persoonlikheidsintegrasie en -funksionering, en dus ook beter akademiese prestasie, terwyl die mislukking van pogings tot inskakeling (waarskynlik weens 'n gebrek aan die nodige sosiale vaardighede) uitgebreide negatiewe gevolge mag hê: „... there appears to be a factor relating to sub-cultural social skills and habits underlying passing and failing at University level” (Gibbs¹⁶, p.585).

Oormatige sosiale bedrywighede kan akademiese prestasie negatief beïnvloed of gaan ten minste gepaard met onbevredigende akademiese vordering, terwyl te min sosiale deelname 'n teken skyn te wees van ondoeltreffendheid, en van 'n onvolwasse individu, wat deur hierdie sosiale isolasie, wat in die hand gewerk kan word deur 'n onpersoonlike universiteitsituasie, steeds minder geleentheid kry vir die ontplooiing van sy persoonlikheid en vermoëns: 'n bese kringloop.

Een van die belangrikste aspekte van die student se sosiale lewe is sy verhoudingslewe („sleep”) met 'n persoon of persone van die teenoorgestelde geslag.

3.5.4 Verhoudingslewe („sleep“*) en akademiese prestasie

Die literatuur oor hierdie besondere aspek van die student se sosiale lewe en sy akademiese prestasie is bra skraps. Daar sal dikwels gebruik gemaak moet word van studies wat nie spesifiek nie, maar by implikasie op hierdie onderwerp betrekking het.

Sleep („dating“) kan gesien word as 'n sosiale handeling wat 'n belangrike deel uitmaak van die kampuslewe aan 'n universiteit. As sodanig kan deelname aan sleep-aktiwiteite dus gesien word as duidend op die aanvaarding van groepnorme of die voldoening aan groepverwagtings. Verder is heteroseksuele belangstelling kenmerkend van 'n normale, gesonde jongmens, en die vermoë om 'n verhouding met 'n persoon of persone van die teenoorgestelde geslag aan te knoop, kan 'n teken wees van sosiale bedrywighede, wat dui op, of ten minste kan bydra tot, gesonde ego-funksionering (Lowrie²⁹; Grinder²¹), wat dan weer 'n gunstige uitwerking kan hê op die student se studies en sy akademiese prestasiepeil.

Oormatige sleepaktiwiteit, soos oormatige sosiale bedrywighede (vergelyk 4.3.3 hierbo), kan 'n aanduiding wees van onvoldoende akademiese motivering, en kan soveel tyd in beslag neem dat die student se studies daaronder ly (Duff en Siegel¹⁰). Grinder²¹ noem, met verwysing na „dating“ en akademiese bedrywighede: „The two systems apparently compete for youth's attention, and many youths seemingly forsake one for the other“ (p.28). Hy bevind

* Daar is nie 'n goeie ander Afrikaanse woord vir sleep nie. Dit sal in die vervolg sonder aanhalings-tekens gebruik word (vergelyk 4.1 hieronder).

dan ook dat frekwensie van „dating" in die meeste gevalle beduidend negatief korreleer met akademiese prestasiepeil. Sarnoff en Raphael⁴⁵⁾ het vyf „failing college students" se situasies deeglik ontleed, en hulle vind ook dat oormatige sleepaktiwiteite 'n student se studies 'n knou toedien (verge- lyk veral hulle „geval B").

Studente wat glad nie sleep nie, is in baie gevalle waarskynlik deel van die groep sosiaal-geïsoleerdes wat in 3.5.3 hierbo bespreek is. Die feit dat hulle nie sleep nie, kan ook dui op onvoldoende sosiale vermoëns, onvol- wassenheid e.d.m. -- eienskappe wat geassosieer word met onbevredigende akademiese prestasie.

Maar die moontlikheid moet beslis nie uit die oog verloor word nie dat die nie-slepers die akademies- of intellektueel-georiënteerde studente kan wees, wat sleep sien as inmening met hulle studies, en wat dit, en die „nadelige" gevolge daarvan, wil vermy. Hoewel dit ook as 'n onvolwasse houding ge- sien kan word, is hier ten minste hoë akademiese motivering, en kan daar verwag word dat sodanige studente goed sal vaar.

Naas die frekwensie van sleep, is daar ander faktore in die verhoudingslewe wat akademiese prestasie kan raak. Waller⁶²⁾ noem die feit dat 'n verhouding byna nie sonder krisis kan verloop nie. Die emosionele spanning wat met hierdie krisis gepaard gaan, kan nie voordelig wees vir die individu se studies nie. Du Toit¹¹⁾ noem ook dat emosionele krisis, soos liefdesteleurstellings, 'n nadelige uitwerking op akademiese prestasie kan hê.

Verder noem Waller⁶²⁾ dat dit tydens die „crescendo phase" van die verhouding -- dit is wanneer die betrokke individue hulle intens bewus word van hulle gevoelens en

en die implikasies daarvan -- kan gebeur dat die student se verhoudingslewe "... may seem to absorb all the will of the individual, and to dominate his imagination completely ... the persons are almost wholly absorbed in themselves and their affair" (p.734). Dat hulle studies daaronder gaan ly, val nie te betwyfel nie.

Desondanks kan daar aangeneem word dat 'n gesonde verhouding nie alleen kenmerkend is van 'n volwasse, toekomstgerigte persoon nie, maar dat dit bevorderlik is vir persoonlikheidsgroei en vir die doeltreffendheid van die individu se funksionering; as sodanig sal dit ook beter akademiese prestasie in die hand werk. Lowrie²⁹⁾ beklemtoon by herhaling die belang van 'n gesonde verhoudingslewe vir optimumpersoonlikheidsontplooiing.

Perspektief: Dat daar 'n verband bestaan tussen sosiale faktore en akademiese prestasie, is reeds aangetoon. Die student se verhoudingslewe is dikwels die belangrikste deel van sy sosiale lewe; die aanduidings dat daar 'n verband is tussen akademiese prestasie en verhoudingslewe, is dus nie verrassend nie.

Dit wil voorkom asof daar 'n neiging is dat studente wat oormatig baie sleep, maar ook dié wat besonder min of glad nie sleep nie, akademies swakker vaar. Dit is nie heeltemal duidelik of hierdie verband oorsaaklik is nie, aangesien daar geredeneer kan word dat die student wat besonder baie sleep buitendien weinig akademiese motivering het, terwyl die student wat min of glad nie sleep nie, moontlik in meer as een opsig -- byvoorbeeld beide akademies en sosiaal -- minderwaardig of ondoeltreffend is.

Wat wel 'n feit is, is dat sleep in die meeste gevalle 'n emosioneel-belade aktiwiteit is, sodat krisis op hierdie gebied -- en krisis is haas onvermydelik -- spanning kan veroorsaak en die student se aandag sodanig in beslag kan neem dat sy studies daaronder ly.

Maar dit is duidelik dat die aanknoop van man-dame-verhoudings tussen universiteitstudente beskou moet word as kenmerkend van, selfs noodsaaklik vir 'n gesonde, goed-aangepaste persoonlikheid. Dit word gesien as 'n aktiewe faktor wat persoonlikheidsontplooiing bevorder, en dit werk blykbaar gevoelens van sekuriteit en selvertroue in die hand. Gevolglik, hoewel indirek, het sleep waarskynlik 'n oorsaaklike en positiewe uitwerking op die student se akademiese prestasie.

3.6 Opmerking oor die individuele aard van akademiese mislukking

Hoewel daar in hierdie literatuuroorsig vasgestel is dat daar sonder twyfel sekere faktore is (ongeach hulle voorspellingswaarde) wat 'n verband toon met akademiese prestasie, word die objektiewe studie van die verband tussen hierdie faktore en 'n student se akademiese prestasie in die wiewe gery deur die feit dat elke individu uniek is, en dat hy op sekere gebeurtenisse, omstandighede -- selfs op die aard van sy vermoëns en sy vorige prestasies -- in 'n meer of 'n mindere mate anders kan reageer as 'n volgende student. Schlebusch⁴⁶⁾ noem tereg dat akademiese aanpassing 'n individuele probleem is. Ook Goosen¹⁸⁾ kom tot die gevolgtrekking dat akademiese wanaanpassing „... op reekse faktore berus en ... (dat dit) ... gewoonlik van spesifieke individuele faktore afhang" (p.48). (Vergelyk ook Harris²³⁾).

Die ondersoeker is deeglik bewus van hierdie verskynsel, maar 'n óórbeklemtoning daarvan sal mens-wetenskaplike studies ingrypend kortwiek. Navorsers moet bewus wees van die bestaan van individuele verskille, maar dit is geen rede om studies wat op groot groepe betrekking het te staak, of die resultate daarvan te verwerp nie. Algemene tendense moet vasgestel word om te dien as agtergrond waarteen die individuele geval gesien kan word.

3.7 Opmerking oor die voorspelling van akademiese mislukking

Noudat talle faktore wat betrokke is by die akademiese prestatiepeil van universiteitstudente behandel is, behoort dit duidelik te wees (en dis trouens al terloops genoem) dat akademiese mislukking makliker is om te voorspel as akademiese sukses.

Dit is veral waar ten opsigte van voorspelling op grond van intellektuele faktore:

Van 'n student wat nie voldoende intellektuele vermoëns besit nie, kan daar met redelike sekerheid voorspel word dat hy beswaarlik sal kan slaag, en dat hy nooit besonder hoë punte sal behaal nie. Aan die student met voldoende vermoëns, daarenteen, kan daar geen waarborg gegee word dat hy akademies suksesvol sal wees nie; Harris²³⁾ verduidelik dit byna epigrammaties: "... a lack is hard to remedy, while an ability is easy to neglect" (p.150).

Dit is hiér waar nie-intellektuele faktore -- ook dié wat onvoorspelbaar is -- 'n deurslaggewende rol speel.

3.8 Opmerking oor die aard van die groepe wat in die literatuurstudie gebruik is

Die literatuurstudie is onderneem om te dien as agtergrond vir die huidige studie en om sekere faktore te isoleer wat vir kontrole gebruik kan word. Die veronderstelling is dus dat die groep(e) wat in die huidige studie betrek gaan word, soortgelyk moet wees aan die groepe van die literatuuroorsig.

Nou is dit so dat die meeste studies wat in die voorafgaande bladsye aangehaal is, betrekking het op buitelandse, en dan veral Amerikaanse, studentegemeenskappe. Die plaaslike studies is beslis in die minderheid. Die vraag is nou of studente van oorsese universiteite en plaaslike studente, ten opsigte van hulle akademiese prestasiepeil, onderhewig is aan dieselfde faktore, en of hulle reaksies daarop ooreenstem.

Daar kan beslis aangeneem word dat daar wel groot verskille is. Maar in die lig van die feit dat daar etlike faktore behandel is wat byna konsekwent dieselfde verband met akademiese prestasie toon by beide plaaslike en buitelandse universiteite, kan daar aanvaar word dat hierdie verskille nie die gebruik van oorsese literatuur ongeldig maak nie, veral wanneer slegs uitstaande en konsekwente neigings in aanmerking geneem word.

Verder het die meeste studies wat aangehaal is, betrekking op eerstejaarstudente („freshmen”). Die huidige studie handel oor derdejaars (vergelyk Hoofstuk 2: 2.4). Geld bevindings ten opsigte van eerstejaars ook vir derdejaars?

In baie gevalle sal dit waarskynlik nie die geval wees nie. Daar is ongelukkig weinig studies wat op hierdie saak ingaan. Van Biljon⁵⁶⁾ se navorsing dui daarop dat dames konsekwent, deur die loop van die drie jaar, beter vaar as

mans, en dat studente wat matriek in die eerste klas geslaag het, deurgaans beter vaar.

Dit wil dus voorkom asof daar wel sommige veranderlikes is wat deur die drie (of meer) jaar op universiteit 'n konsekwente verband met akademiese prestasie handhaaf. As dit egter kom by faktore soos persoonlikheid, motivering, belangstellings, verhoudingslewe e.d.m., moet mens versigtig wees, aangesien hierdie faktore self onderhewig is aan verandering.

Dit is dus duidelik dat die bruikbaarheid van die literatuurstudie vir die huidige navorsing moontlik betwyfel kan word. Nogtans is daar genoeg faktore gevind wat 'n byna konsekwente en gewoonlik hoogs beduidende verband met akademiese prestasie toon. Die nodige agtergrond vir hierdie studie word deur ten minste dié faktore verskaf.

4 DIE PROBLEEM VANUIT DIE OOGPUNT VAN DIE VERHOUDINGSLEWE

Deur verwysing na die belang van sosiale of persoonlik-sosiale faktore is die literatuuroorsig in die vorige paragrafe doelbewus gestuur in die rigting van die student se verhoudingslewe -- naas akademiese prestasie die tweede element in hierdie ondersoek.

Waar afdeling 3.5.4 hierbo handel oor die rol van studente se verhoudingslewe by die bepaling van hulle akademiese prestasie, gaan dit hier meer om die plek en belang van studente se verhoudingslewe in hulle studentelewe in 'n breër sin. Daar sal noodwendig 'n mate van oorvleueling voorkom.

4.1 Begripsomskrywing: Verhoudingslewe (Sleep)

Vir die doel van hierdie studie dui die term verhoudingslewe op daardie interpersoonlike handeling en die verhouding wat dit ten grondslag lê wat onder studente bekend staan as sleep*. Die term kom min of meer ooreen met die begrippe „dating” en „courting” of „courtship”.

Courtship word deur Waller gedefinieer as „... the set of processes of association among the unmarried from which, in time, permanent mating usually emerges” (Waller⁶²), p.727).

Smith haal ‘n definisie van LeMasters aan, wat courtship beskryf as „... the process by which the individual moves from the single status of the adolescent to the married status of the adult” (Smith⁵¹), p.50).

Courting of courtship dui dus op ‘n verhouding tussen twee persone van teenoorgestelde geslagte wat in ‘n meerdere of mindere mate huweliksgerig is, en waar daar ten minste ‘n redelike mate van verbondenheid tussen die twee partye bestaan. Studente noem dit vas sleep.

Dating, of, soos dit ook genoem word, precourtship, daarteenoor, is sleep in ‘n losser verband: „... the relationship between two young people before marriage in which there is not necessarily a commitment other than one or more temporary contacts” (Smith⁵¹), p.50), of: „... any kind of paired association of members of the opposite sex without reference to intent to marry” (Lowrie²⁹), p. 90).

* Die woord sleep het waarskynlik sy oorsprong in die spreekwoord vlerksleep („om by ‘n meisie vlerk te sleep”). Soos reeds genoem, gaan dit sonder aanhalingstekens gebruik word, omdat dit algemeen deur (veral Transvaalse) studente gebruik word, en daar ook geen bruikbare ekwivalent vir die woord sleep is nie -- „die hof maak” of „uitneem” deug byvoorbeeld nie.

'n Meganiese onderskeid tussen hierdie twee soorte verhoudings is nie altyd moontlik nie. „True courtship sometimes emerges from the dating process" (Waller⁶²), p.733).

Grinder gee 'n baie bruikbare definisie wat albei begrippe omvat, aangesien daar nie spesifiek verwys word na die geantisepeerde uiteinde van die verhouding of die afwesigheid daarvan nie. Hy praat van social dating, en omskryf dit as „... all the activities in which the principal actors constitute a hererosexual pair, are unmarried, unchaperoned, free agents" (Grinder²¹), p.28).

Die woorde verhoudingslewe of sleep gaan dus gebruik word as duidend op daardie interpersoonlike gedrag wat gepaard gaan met 'n meer of minder ernstige, of meer of minder huweliksgerigte verhouding tussen 'n man- en damestudent aan 'n residensiële universiteit.

Dit het hier gegaan om die algemeenste gebruik van die woord sleep, naamlik as werkwoord: „Ek sleep vanaand met Willem/Marita"; „Ons sleep al drie jaar lank vas"; „Sy sleep elke week met iemand anders". Daarnaas, maar seldsamer, word sleep as selfstandige naamwoord gebruik, waar dit dan slaan op een van die paar in die verhouding: „Ek gaan die naweek by my sleep kuler".

4.2 Soorte sleep

Nie alle studente sleep nie, en geen man-dameverhoudings is volkome identies nie. Op grond van hulle verhoudingslewe kan daar drie hoofklasse studente onderskei word:

4.2.1 Nie vas nie (NVN)

„In earlier times personalized association between the opposite sexes was ... directed toward marriage ... On the

other hand, today ... much dating goes on with no suggestion of marriage, either immediate or remote" (Lowrie²⁹, p.90).

Laasgenoemde soort verhouding word geklassifiseer as nie vas sleep nie (NVN). Dit kom min of meer ooreen met die terme „dating" en „precourtship" (4.1 hierbo).

Baie studente gaan min of meer gereeld uit met een of meer persone van die teenoorgestelde geslag sonder dat die verhouding(s) in iets permanents ontwikkel. Ons kan praat van sleep in 'n losser verband.

Eintlik is daar twee sleeppatrone wat in hierdie kategorie val:

(i) Die situasie waar daar slegs met een persoon gesleep word, maar waar die verhouding nie, of nog nie, as vas beleef word nie. Die elemente van permanensie en toekomsgerigtheid ontbreek nog, hoewel dit uiterlik (ten opsigte van frekwensie per week, tyd daaraan bestee, e.d.m.) mag ooreenkom met 'n vaste verhouding.

(ii) Die situasie waar daar van tyd tot tyd (of terselfdertyd) met meer as een persoon van die teenoorgestelde geslag gesleep word. Een student het gepraat van „sleep in die bondel".

4.2.2 Vas sleep (VAS)

Baie verhoudings tussen studente van die teenoorgestelde geslag is van so 'n aard dat hulle dit as min of meer permanent en toekomsgerig beleef. Dit is die soort verhouding wat met die term „courtship" (4.1 hierbo) bedoel word. Die Amerikaners praat ook van „going steady".

'n Vaste sleep is tradisioneel 'n verhouding waar die twee partye alleen met mekaar sleep en glad nie met ander persone nie. Hierdie uitsluiting van ander persone uit die

verhouding hoef natuurlik nie te berus op 'n spesifieke ooreenkoms nie, maar kan 'n implisiete verstandhouding wees wat voortvloei uit die aard van die verhouding.

'n Verhouding is waarskynlik nie van meet af aan vas nie. Dit ontwikkel mettertyd (soms seker baie gou) van 'n nie-vaste verhouding na vas sleep.

Meer as by die nie-vaste verhouding, is hier sprake van wedersydse liefde in die volwasse sin van die woord.

4.2.3 Glad nie (GN)

Hieronder val die groep wat vir alle praktiese doeleindes glad nie sleep nie. Indien hierdie persone wel van tyd tot tyd met 'n persoon van die teenoorgestelde geslag uitgaan, beleef hulle so 'n verhouding nie as sleep nie.

4.2.4 Motivering van bogenoemde indeling

Dit is belangrik om te noem dat dit natuurlik nie so seer gaan om die uiterlike vorm van 'n verhouding nie, maar om die diepere aard daarvan en die betekenis wat dit vir die betrokke student het.

Maar eerder as om 'n kwalitatiewe analise te waag van elke student se verhouding, is daar besluit om slegs van bogenoemde driedeling gebruik te maak. Die veronderstelling is dat die vorm van 'n verhouding grotendeels bepaal sal word deur die aard daarvan. Die wyse waarop 'n student sy verhouding innerlik beleef, sal uitkristalliseer in een of ander sleeppatroon, afhangende van die betekenis wat daardie verhouding vir hom inhou.

Dit sal egter baie moeilik wees om objektiewe norme

daar te stel waarvolgens 'n student se verhouding geklassifiseer moet word. En selfs al was so iets moontlik, sou dit soms moeilik wees om die presiese kategorie van 'n betrokke verhouding te bepaal. (Is dit byvoorbeeld GN of NVN?; NVN of VAS?).

Daar kan egter aangeneem word dat die student, wanneer hy gevra word om homself in een van die drie kategorieë te plaas, dit sal doen op grond van die betekenis wat die verhouding vir hom het -- en dit is van belang: hierdie wyse waarop hy sy verhouding beleef, die betekenis wat dit vir hom het. Dit is hiërdie element wat van belang geag moet word met betrekking tot sy aanpassing, persoonlikheidsontplooiing en ook akademiese prestasie.

4.2.5 Trigotomie of kontinuum?

Die moontlikheid van die bestaan van 'n kontinuum ten opsigte van die student se verhoudingslewe, veral in die lig van die feit dat dit iets is wat steeds ontwikkel, word nie ontken nie. 'n Student kan byvoorbeeld eers glad nie sleep nie, daarna begin sleep (maar nog nie vas nie), en eindelik kan die verhouding ontwikkel in vas sleep. Die vraag is of hierdie stadia diskreet is, en of daar nie miskien tussen hierdie fases 'n periode van onsekerheid bestaan oor die aard van die verhouding nie, sodat 'n driedeling in sommige gevalle 'n geforseerde en daarom onjuiste beeld van die verhouding sal gee.

Daar kan aangeneem word dat die situasie waar daar glad nie gesleep word nie, meesal duidelik te onderskei is van die situasie waar daar wel gesleep word. Die probleem sal moontlik eerder bestaan ten opsigte van die onderskeid

VAS/NVN (vas of nie vas nie). En selfs hier behoort die persoon wat „in die bondel" sleep (vergelyk 4.2.1 hierbo), geen probleem te hê om homself in die NVN-groep te plaas nie. Dit is dus net ten opsigte van daardie persoon wat slegs met een persoon sleep, maar (nog) nie seker is of dit 'n vaste verhouding is al dan nie, wat probleme ondervind kan word. Daar kan egter met redelike sekerheid aangeneem word dat, wanneer hy daarom gevra word, so 'n persoon hom tog sonder veel moeite in een van die genoemde twee kategorieë sal kan plaas en dit sal doen op grond van die betekenis wat die verhouding vir hom persoonlik inhou.

Nog 'n rede waarom die trigotomie verkieslik is bo die kontinuum, is die feit dat die NVN-groep nie noodwendig in alle gevalle die „middelste" groep hoef te wees en die VAS- en GN-groepe die uiterstes nie. 'n Persoon kan byvoorbeeld direk van die VAS- na die GN-groep beweeg (wanneer eersgenoemde verhouding op die rotse loop).

4.3 Ontwikkeling van die sleepverhouding

Die meeste studente kom waarskynlik na die universiteit as nie-slepers, maar soms ook as nie-vaste en selfs vaste slepers. Verhoudings wat voor universiteitstoelating bestaan het, kan wel nog bly voortbestaan, maar in baie gevalle is dit nie bestand teen lang afstande en die aanslae van die nuwe verhoudings wat vroeër of later op die kampus ontstaan nie.

Hierdie nuwe verhoudings is gewoonlik aanvanklik van 'n nie-vaste aard. „The affair begins with the lightest sort of involvement, each individual being interested in the other but assuming no obligations as to the continuation of the affair" (Waller⁶², p.733).

Terwyl baie studente waarskynlik hulle studies voltooi

sonder dat hulle ooit vas gesleep het, ontwikkel 'n nie-vaste verhouding dikwels vroeër of later in 'n meer permanente, 'n meer gerigte („directional" -- Waller⁶²) verhouding, en sal die student hom as 'n vaste sleper klassifiseer. Sy gevoel vir die ander persoon ontwikkel mettertyd van romantiese tot meer volwasse liefde en die verhouding word meer toekomsgerig.

Veral die vroeë ontwikkeling van die verhouding is kritiek. Dit gebeur dikwels dat die een party die inisiatief neem; indien die ander party nie „saamspeel" nie, sal die verhouding waarskynlik daar en dan ten einde loop. Word hierdie krisis egter oorleef, is die weg voorlopig gebaan vir die verdere ontwikkeling van die verhouding.

Hierdie ontwikkeling is ten dele die gevolg van die druk of verwagtings van ons samelewing, wat ingestel is daarop dat persone van hierdie leeftyd verlief raak en mettertyd begin trouplanne maak. (Tukey⁵⁵; Smith⁵¹; Waller⁶²). In die lig hiervan kan daar aangeneem word dat sommige vaste verhoudings minder as ander op werklike, volwasse liefde berus, en minder toekomsgerig is.

Selfs in die stadium van vaste sleep is daar steeds ontwikkeling. Verskillende skrywers beklemtoon die feit dat 'n verhouding nooit lank staties bly nie, en dat dit nog minder na 'n laer vlak van betrokkeheid kan terugkeer. Daar is òf ontwikkeling, òf die verhouding word tot niet gemaak (Waller⁶²).

Tydens alle stadiums in die ontwikkeling van so 'n verhouding kom daar kenmerkend van tyd tot tyd krisisse voor. (Die belangrike „eerste krisis" is reeds genoem.) Waller⁶² beklemtoon die betekenis van hierdie krisisse,

aangesien dit die betrokke partye dwing om hulle verhouding te redefinieer. Dit kan òf uitloop op die staking van 'n verhouding wanneer hierdie redefinisie hulle daarvan bewus maak dat daar nie genoegsame wedersydse aanklank is nie, òf daar kan 'n verinniging in die verhouding kom, wat spruit uit die dieper begrip van mekaar en mekaar se gevoelens wat tydens die krisis geopenbaar is.

Die uitwerking wat so 'n krisis op 'n student het, hang af van die aard van die verhouding en die aard van en omstandighede tydens die krisis. In die geval van 'n „ernstige” verhouding, word die individu se aandag tydens die krisis kenmerkend in so 'n mate daardeur in beslag geneem, en is hy dikwels so ontwrig daardeur, dat sy ander interpersoonlike verhoudings, sy studies e.d.m, daaronder ly. Daarná mag hy 'n wyser en ryper mens wees, maar soms mag die ontwrigting so ingrypend of traumaties wees dat dit 'n permanente uitwerking op hom kan hê, wat vir die res van sy lewe sy doen en late kan beïnvloed.

Daar moet op gewys word dat die aard van die ontwikkeling van 'n verhouding in 'n groot mate bepaal word deur die betrokke samelewing, die „student culture complex” (Smith⁵¹, p.50) en die portuurgroepe. „There is an observed tendency for college students to adopt the dating and courtship patterns of their peers” (Smith⁵¹, p.54).

Maar ook die betrokke partye se reaksies op elke nuwe stap of fase van hulle verhouding word deur die aard van die betrokke gemeenskap en die portuurgroepe beïnvloed. So sal studente van wie die verhoudingslewe 'n hoë mate van intimiteit bereik het, of wat nou met die een, dan met die ander persoon sleep, in 'n samelewing of tussen portuurgroepe wat so-lies sterk afkeur, se reaksies en gevoelens verskil van wat dit sou gewees het in 'n meer liberale gemeenskap.

Hierdie gevoelens en reaksies spruit nie alleen uit 'n innerlike belewing van die feit dat daar nie aan die groepnorme voldoen word nie. Die reaksies van die groep is ook 'n belangrike faktor. Smith⁵¹⁾ stel dit so:

„The peer group exerts controls over dating and courtship through its ability to influence either positively or negatively a person's reputation. Deviations from expected group norms may be cruelly punished in the reactions of a person's age mates" (p.54).

4.4 Die rol en belang van sy verhoudingslewe vir die student

Die voorgraadse universiteitsjare is die tyd wanneer die jongmens die eerste keer werklik begin soek na 'n lewensmaat. Dit geskied by wyse van toevallige, maar meesal doelbewuste, sosiale kontak met persone van die teenoorgestelde geslag.

Die student se verhoudingslewe is deel van sy sosiale lewe in die breë sin. Maar in baie gevalle is dit waarskynlik die belangrikste aspek van sy sosiale lewe: 'n kern waarom sy sosiale aktiwiteite draai, 'n sleutel wat toegang verleen tot deelname aan talle sosiale bedrywighede op die kampus.

Dit is wel so dat 'n student aan baie van hierdie sosiale bedrywighede kan deelneem sonder dat hy sleep, maar, „... it is doubtful whether such general association, valuable as it is in his personal development, is a complete substitute for dating in its effects" (Lowrie²⁹⁾, p.91).

Die rol en belang van die student se verhoudingslewe moet gesien word teen die agtergrond van sy ontwikkelingstadium: „This (17-23) is a period of universal search among all young people, whether or not they happen to be university students, to discover themselves in relation to others" (Cowen⁵⁾, p.11).

Die meeste voorgraadse studente het nog nie finaal al die kenmerke van die adolessensiefase ontgroei nie. Baie van die emosionaliteit, romantisme, twyfel, beïnvloedbaarheid, soeke na vastigheid, frustreerbaarheid e.a. is nog aan die orde, asook die soeke na 'n omlynde rol vir die nuwe, volwasse-wordende self -- en dit te midde van die vreemde sosiale klimaat van die universiteit, waar ouderdomsgenote dieselfde veranderinge beleef en soortgelyke probleme ondervind. Slocum⁴⁹⁾ skryf: „... many college students are not fully mature adults but are immature in many respects as far as their personal-social development is concerned" (p.61).

Dit is veral belangrik om daarop te let dat die geslagsdrif in die wydste sin van die woord -- die behoefte om liefde te gee en te ontvang -- in hierdie stadium selde reeds in so 'n mate begryp en hanteer word dat dit tot geen probleme meer aanleiding gee nie. Nogtans bly dit 'n kragtige biologiese, sosiale en psigologiese dryfveer, sodat frustrasies, spanning en wanaanpassing op dié gebied 'n verreikende gevolg en invloed kan hê op talle fasette van die student se lewe.

Die blote feit van universiteitsbywoning -- die nuwe fisiese en sosiale omgewing, die nuwe eise en verwagtings, die groter mate van onafhanklikheid ... -- veroorsaak ongetwyfeld dat baie van bogenoemde kenmerke, en die spanning en frustrasies wat daarmee gepaard gaan, besonder duidelik na vore kom.

Die universiteitsjare is ook die aanloop na ware onafhanklikwording op emosionele, sosiale, finansiële en ander terreine. Die student word gekonfronteer met die besef dat hy hom bevind in die laaste stadium voordat hy ten volle onafhanklik word. Bande met ouers word verslap, 'n mate van

finansiële onafhanklikheid word ervaar, beslissings moet onafhanklik geneem word. Dit alles gaan gepaard met 'n verhoogde toekomsbewustheid en daarmee saam toekomsbeplanning. En toekomsbeplanning is ook nou gekoppel aan die keuse van 'n huweliksmaat en as sodanig aan die aanknoop van meer of minder permanente bande met 'n persoon van die teenoorgestelde geslag.

In die lig van wat reeds gesê is, is dit duidelik dat hier vrugbare teelaarde is vir 'n magdom probleme. By wyse van illustrasie word net een, redelik algemene situasie genoem: Die student woon 'n universiteit by met die doel om sekere akademiese kwalifikasies te behaal. „The attainment of this life goal necessitates the postponement of marriage. ... And yet persons ... feel very strongly the cultural imperative to fall in love and marry" (Waller⁶²), p.729). (By „cultural imperative" kan ons ook voeg: die werklike sielkundige behoefte.) Daar sal nie nou ingegaan word op al die minder ernstige of die daadwerklike probleme wat ondervind kan word -- of vanselfsprekend ontstaan? -- wanneer die student, onder hierdie omstandighede, wel verlief raak nie...

Dit is nodig om te noem dat daar veronderstel kan word dat elke soort verhouding -- moontlik selfs elke afsonderlike verhouding -- 'n ander invloed op die betrokke partye sal hê, en dat 'n student wat géén verhouding met 'n persoon van die teenoorgestelde geslag het nie, dááardeur op 'n besondere wyse beïnvloed kan word.

In die literatuur is daar dan ook aanduidings dat studente deur die aard van hulle verhoudingslewe beïnvloed word, of dat sekere sleeppatrone ten minste gepaard gaan met besondere kenmerke, probleme en gedrag:

Studente wat glad nie sleep nie, voel in baie gevalle geïsoleer of minderwaardig. Dit geld blykbaar veral dames (Hunter en Morgan²⁶), vir wie daar minder geleentheid is om alleen of in groepies aan sosiale bedrywighede deel te neem, en by wie die gemeenskap sodanige optrede gewoonlik ook nie goedkeur nie. Studente voel oor die algemeen die kulturele druk om te sleep taamlik sterk, en dié wat nie so ver kom of kan kom nie, is daarvan bewus dat hulle nie aan die verwagtings van die gemeenskap -- ook ten opsigte van hulle geslagsrol as man of dame -- voldoen nie. „Not frequently such an individual tends to become frustrated He may even begin to doubt his normality" (Lowrie²⁹, p.90).

Hierdie individue het as gevolg van hulle situasie wel meer tyd om te studeer, maar dit val te betwyfel of hulle hulle tyd noodwendig só sal bestee. Inteendeel kan daar veronderstel word dat die spanning, frustrasie, twyfel en ongelukkigheid wat hulle beleef, in baie gevalle hulle studies nadelig sal tref.

Daar is natuurlik studente wat nie sleep nie omdat hulle dit werklik so verkies. Dit gaan hier om daardie studente wat aan hulle studies geheel en al voorrang verleen, en nie duld dat iets daarmee inmeng nie -- ten minste nie nou al nie. Hulle sal moontlik akademies redelik sterk staan, maar daar kan veronderstel word dat hulle ontwikkeling ietwat eensydig, selfs ongebalanseerd, sal wees.

'n Ander groep, veral mans, sal óók beweer dat hulle verkies om nie te sleep nie, en dit bewys deur hulle tyd op die sportveld, in die kafees of kroeë of met ander vorms van plesierbejag deur te bring. Of hierdie aktiwiteite 'n poging is om hulle minderwaardigheidsgevoelens omdat hulle nie

'n „sleep" kan kry nie, te versluier, en of dit spruit uit werklike oortuigings -- die akademiese sy van hulle universiteitslewe gaan daaronder ly, en waarskynlik ook, op die lang duur, hulle sosiale en persoonlikheidsontwikkeling.

Wat ookal die nie-sleper se geval mag wees: Lowrie²⁹⁾ beklemtoon dat sleep („dating") persoonlikheidsontwikkeling bevorder, en dat 'n gemis daaraan byna noodwendig vroeër of later nadelige gevolge sal hê (p.91).

*

Die groep wat wel sleep, word daardeur die geleentheid gebied om sosiaal en emosioneel te ontwikkel -- ten minste meer as die groep wat glad nie sleep nie. Hulle verhoudingslewe is die sleutel tot baie bedrywighede op en om die kampus wat die nie-sleper noodwendig ontsê word.

Deur te sleep voldoen die student ook byna deurgaans aan die verwagtings van die groep of samelewing. Die aanvaarding en sekuriteit wat met hierdie roluitlewering gepaard gaan, kan alleen 'n positiewe uitwerking hê (Grinder²¹⁾).

Verder, en meer in die besonder, bied sleepaktiwiteite aan studente die geleentheid om persone van die teenoorgestelde geslag te ontmoet en te leer ken met die oog op die keuse van 'n huweliksmaat -- of dit nou die primêre doel van die verhoudings is of nie.

Sleep word dus om verskeie redes as belangrik vir die universiteitstudent beskou. Lowrie²⁹⁾ sing sy loflied aan die voordele van sleep soos volg:

„... dating serves a long list of functions ...:
(1) broader experience, (2) greater poise and balance, (3) experience in adjusting to others, and (4) reduced emotional excitement on meeting

and associating with a stranger of the opposite sex... (5) It enriches and develops personality, (6) it gives prestige, (7) it is a means of having a good time and of mixing socially. (8) ... dating ... seems to give a kind of sexual release, a reduction in sexual tension. ... (9) it tends to provide a wider acquaintance from which a mate may be selected, (10) its continuation over a period of time normally enhances an individual's ability to judge members of the opposite sex sensibly and objectively. (11) Finally it should be repeated that the functions of dating include that of courtship, that of choosing a mate" (p.90).

Verderaan meld hy dat huweliksaanpassing en -geluk verband hou ook met die omvang van die partye se sleep- („dating") ondervindings (p.90).

Daar moet egter onderskei word tussen sleep in die algemeen (nie vas nie) en 'n vaste verhouding. In laasgenoemde verhouding is daar elemente wat in 'n nie-vaste verhouding afwesig is -- elemente wat in baie gevalle 'n verdere positiewe uitwerking op die student mag hê.

Onder die belangrike funksies van vas sleep wat Ehrmann¹²⁾ noem, is dat dit „... an adjustment to the conflict, to the uncertainty, and to the insecurity of the highly competitive and often exploiting dating pattern of not going steady" is (p.143).

'n Belangrike aspek wat Du Toit¹¹⁾ by implikasie noem, is die belang van „een begrypende, besielende persoon" (p.14). Hy het dit eintlik genoem met verwysing na studiemotivering alleen, en het 'n onderwyser in gedagte gehad. Maar motivering is 'n funksie van die hele persoonlikheid, en 'n hoë motiveringspeil sal waarskynlik nie bereik kan word deur 'n ontwrigte persoon wat nie toekomsbewus en

toekomsgerig is nie. (Toekomsbewustheid en toekomsgerigtheid is kenmerke van 'n gesonde vaste verhouding.) Dit is dus nie vergesog om die belang van 'n „besielende, begrypende persoon" ook vir optimale persoonlikheidsontplooiing, algemene funksionering en aanpassing te beklemtoon nie, en om Du Toit se onderwyser met 'n sleepvennoot te vervang nie. Ehrmann¹²⁾ beklemtoon dit 'n ietwat anders: „A highly significant aspect of the relationship (= going steady) is the marked development of the right to accessibility of the one to the other" (p.142). (Mens dink onwillekeurig aan die Griekse rolprentster, Melina Mercouri, wat glo eenmaal gesê het: „In Greece we do not have psychiatrists. We have friends".) Dit geld blykbaar veral vir dames: „Women, more often than men, indicate a desire to 'confide in someone'" (Hunter en Morgan²⁶⁾, p.89).

Verder kan die toekomsgerigtheid waarvan daar hierbo sprake was, as sodanig 'n stabiliserende en motiverende uitwerking op die slepers hê.

*

Daar word nie beweer dat sleep onvoorwaardelik en onder alle omstandighede 'n positiewe uitwerking sal hê nie. In gevalle waar studente groot betekenis aan hulle verhouding heg en waar hulle in 'n besondere mate daarby betrokke is, kan krisis op hierdie terrein 'n verreikende ontwrigtende uitwerking op hulle lewe hê wat selfs permanent van aard mag wees (Lowrie²⁹⁾; Waller⁶²⁾; Du Toit¹¹⁾).

'n Student mag ook -- of hy nou vas sleep met een persoon of nie vas nie met meer as een -- so opgaan in sy verhoudingslewe, soveel tyd en aandag daaraan bestee, en in so 'n mate daarmee gepreokkupeer wees, dat sy ontwikkeling ongebalanseerd kan raak en dat ander fasette van sy universiteitslewe --

byvoorbeeld sy akademiese prestasiepeil -- daaronder mag ly. (Vergelyk Waller⁶²; Grinder²¹).

Verder kan dit gebeur dat die aard van studente se verhoudingslewe, of die vlak wat dit bereik het, teenstrydig is met die verwagtings of norme van die betrokke samelewing en portuurgroepe. In so 'n geval moet 'n verhouding besonder veel bevrediging en sekuriteit bied om nie spanning en onsekerheid en die probleme wat daarmee gepaard kan gaan, tot gevolg te hê nie (Smith⁵¹). Vergelyk 4.3 hierbo).

*

Dit is onnodig om verder aan te toon hoe 'n sentrale, belangrike en onvervangbare plek sy verhoudingslewe in die student se lewe kan inneem, en net so onnodig om verder te probeer bewys dat sy verhoudingslewe betrokke is by of 'n uitwerking kan hê op talle aspekte van sy universiteitslewe, sodat krisis, probleme en frustrasies op hierdie gebied 'n verminkende invloed kan hê op sy persoonlikheid en alle fasette van sy universiteitslewe, terwyl sukses en bevrediging in sy verhoudingslewe gepaard kan gaan met stabiliteit, geluk en gesonde persoonlikheidsontploffing.

Daar word net kortliks terugverwys na die afdeling (3.2) hierbo waar die belang en noodsaaklikheid van kennis aangaande faktore betrokke by 'n student se akademiese prestasie behandel is. Dit moet in hierdie stadium reeds duidelik wees dat, indien daar 'n verband bestaan tussen akademiese prestasie en verhoudingslewe -- en daar is aanduidings dat dit wel die geval is --, die student se verhoudingslewe indirek verantwoordelik mag wees vir die voordele (vir die individu self maar ook vir die land as geheel) van 'n gesonde en suksesvolle universiteitslewe, of, onder ander omstandighede,

vir die nádelige gevolge van akademiese mislukking. Meer nog: Die moontlikheid kan nie ontken word nie dat sommige universiteitsmislukkings (veral in die sin van universiteitsverlating) selfs direk die gevolg kan wees van probleme en ontwrigtings wat op die terrein van die student se verhoudingslewe bestaan of bestaan het.

Verder moet dit in gedagte gehou word dat akademiese prestasie nie die enigste aspek van 'n student se universiteitslewe is wat belangrik is nie. Baird¹⁾ noem, na aanleiding van 'n aantal studies in hierdie verband, dat „... college grades represent a narrow range of accomplishment and are unrelated to many other important areas of accomplishment" (p.246). Een van hierdie areas is beslis die student se verhoudingslewe en alles wat daarmee in verband staan.

*

In die lig van die voorafgaande betoog is die mate waartoe hierdie terrein in die verlede deur navorsers verwaarloos is, haas onbegryplik*. Die opskrif van Lowrie²⁹⁾ se artikel som die situasie treffend op: Dating, a neglected field of study. Hierdie skrywer stel voor dat studente voorligting in dié verband moet ontvang, maar „The obvious difficulty about a ... course on dating is the paucity of facts and literature" (p.95). En hy voeg daar by: „Surely it is highly desirable that a larger body of facts are available."

* Hierdie tekort aan literatuur is die vernaamste rede waarom daar nie oor hierdie aspek van die ondersoek, soos die geval was by die bespreking van faktore wat betrokke is by akademiese prestasie, 'n volledige, sistematiese literatuuroorsig moontlik was nie.

Dat navorsers besondere probleme ondervind in pogings om feite te versamel en te verwerk oor sake soos hierdie, word nie weggeredeneer nie; die ontoereikendheid en beperktheid van die huidige ondersoek getuig daarvan. Maar alvorens meer inligting beskikbaar is, is dieptestudies onmoontlik. 'n Saak soos studente se verhoudingslewe as sodanig, om nie eers te praat van die verband daartussen en hulle akademiese vordering nie, is nog byna geheel en al 'n onverkende terrein.

Daar moet besef word dat, die talle probleme daaraan verbonde ten spyte, sake soos hierdie dringende aandag vereis -- want voordat alle fasette van die student se universiteitslewe en alle faktore betrokke by sy akademiese prestasiepeil, deeglik ondersoek is, en so goed moontlik verstaan word, kan daar geen sprake wees van 'n volledige begrip van die student nie, en sal dit derhalwe onmoontlik wees om hom insig te laat verkry in sy eie probleme op universiteit.

5. OORSIG EN PROBLEEMSTELLING

Die aard van die probleem wat hierdie studie ten grondslag lê, het algaande in die loop van die hoofstuk duidelik geword:

Ter aanvang is daar gelet op faktore wat betrokke is by die bepaling van of wat ten minste verband hou met studente se akademiese prestasiepeil. Uit die literatuur was dit duidelik dat sekere faktore 'n konsekwente verband toon met akademiese prestasie (vorige prestasies van akademiese aard; kognitiewe faktore soos intelligensie; motivering; aanpassing/wanaanpassing; en sekere sosiale faktore). Sommige van hierdie veranderlikes kan as voorspellers gebruik word. Ander is, weens hulle veranderlike aard

en/of omdat hulle self onvoorspelbaar is, nie bruikbaar as akademiese voorspellers nie. Meer nog: die invloed van sodanige faktore is waarskynlik een van die belangrikste redes waarom akademiese voorspellers selde die gewenste peil van doeltreffendheid bereik. Een van hierdie veranderlikes het te doen met die student se verhoudingslewe.

Vervolgens is die aard en betekenis van studente se verhoudingslewe ondersoek. Daar is aangetoon dat dit 'n uiters belangrike moment in hulle universiteitsloopbaan is. Studente wat glad nie sleep nie, loop, volgens aanduidings uit die literatuur, méér as diegene wat wel sleep, dikwels die gevaar om 'n verskeidenheid probleme te ontwikkel -- probleme wat ook op akademiese gebied 'n verminkende uitwerking sal hê. Studente wat wél sleep, kry daardeur 'n belangrike geleentheid tot sosiale en emosionele ontwikkeling, hoewel hulle verhoudingslewe onder sommige omstandighede ook ongewenste gevolge kan hê. Met „ongewenste gevolge” word daar onder andere verwys na 'n student se akademiese prestasiepeil.

Uit die literatuur is dit egter nie duidelik presies wat die rol van 'n student se verhoudingslewe by die bepaling van sy akademiese prestasiepeil is nie. Die faktore in sy verhoudingslewe wat werklik 'n verband toon met sy akademiese prestasie, is nog nie wetenskaplik geïsoleer nie, en die aard van hierdie verband -- die rigting en die sterkte daarvan -- is nog nie noukeurig ondersoek nie.

6 DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van die studie kan, op grond van wat hierbo gesê is, soos volg geformuleer word:

Enersyds is dit 'n poging om verdere lig te werp op faktore wat verband hou met studente se akademiese prestasie, deur die verband tussen sekere aspekte van sy verhoudingslewe en sy akademiese prestasie te ondersoek.

Andersyds is dit 'n poging om die verband tussen studente se verhoudingslewe en ander aspekte van hulle universiteitslewe te illustreer aan die hand van die verband tussen hulle verhoudingslewe en hulle akademiese prestasiepeil.

Meer spesifiek: Dit is 'n poging om vas te stel of daar faktore in studente se verhoudingslewe is wat 'n verband toon met hulle akademiese prestasiepeil, en, indien wel, watter faktore dit is; en om die aard van hierdie verband vas te stel en te probeer verklaar.

7 HIPOTEESES

In die lig van die doel van die studie, en met die bevindings wat in die literatuur gerapporteer is in gedagte, gaan die volgende hipoteses ondersoek word:

1. Studente wat sleep (VAS en NVN) vaar akademies beter as dié wat glad nie sleep nie (GN).
2. Studente wat vas sleep, vaar akademies die beste (dit wil sê beter as diegene wat nie vas sleep nie én as dié wat glad nie sleep nie).
3. Studente wat glad nie sleep nie, vaar akademies die swakste (dit wil sê swakker as dié wat sleep, hetsy vas of nie vas nie).
4. Daar is 'n positiewe verband tussen die tyd of periode wat 'n student reeds vas sleep (aantal jare) en sy akademiese prestasiepeil.

5. Daar is 'n negatiewe verband tussen die tyd (uur per week) wat studente aan sleepaktiwiteite bestee en hulle akademiese prestasiepeil.
6. Daar is 'n negatiewe verband tussen die frekwensie van sleep (aantal geleenthede per week) en die student se akademiese prestasiepeil.
7. Studente wie se vriend(in) plaaslik woonagtig is (dit wil sê in dieselfde stad as die student self), vaar akademies beter as diegene wat elders sleep.
8. Die aard van die verband tussen studente se verhoudingslewe en akademiese prestasie verskil by die twee betrokke universiteite (Potchefstroom en Pretoria).
9. Die aard van die verband tussen studente se verhoudingslewe en hulle akademiese prestasie verskil by mans en dames.

8 OPSOMMING : HOOFSTUK 1

Die noodsaaklikheid van en gebrek aan inligting met betrekking tot (a) faktore wat 'n student se akademiese prestasie medebepaal; en (b) studente se verhoudingslewe, is genoem.

'n Literatuuroorsig het aan die lig gebring dat daar al heelwat navorsing gedoen is oor faktore wat betrokke is by akademiese prestasie. Die klem het egter meesal geval op faktore wat as voorspellers gebruik kan word. Die feit dat onvoorspelbare veranderlikes ook betrokke is by die bepaling van 'n student se akademiese prestasiepeil, is beklemtoon, en daar is op gewys dat die invloed van hierdie faktore moontlik een van die oorsake is waarom voorspellers selde resultate lewer waaroor navorsers volkome voldaan kan voel.

Daar is aangetoon dat hierdie onvoorspelbare faktore dikwels op die sosiale terrein lê. Die rol en belang van veral die student se verhoudingslewe is beklemtoon: probleme op hierdie gebied kan naamlik 'n ontwrigtende uitwerking hê op talle aspekte van sy lewe -- onder andere op sy akademiese prestasiepeil.

Die doel van die huidige studie is dan geformuleer as 'n poging om die verband tussen studente se verhoudingslewe en hulle akademiese prestasie vas te stel.